

T A A L L E E R B O E K E
IN
N O O R D - S O T H O
VIR
T R A N S V A A L S E M I D D E L B A R E S K O L E
(VIR BLANKE *skinders*)
TOT 1951

Deur
P.W. VAN HEERDEN, B.A., B.Ed.

in Verhandeling ingelewer vir die
Graad Magister Educationis
aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys.

1953

Promotor: Prof. dr. J. Chr. Coetzee

V O O R W O O R D

Die onderrig van Noord-Sotho aan Transvaalse middelbare skole vir blankes is 'n nuwe rigting wat maar onlangs eers tot sy reg gekom het. Dit is 'n vrugbare terrein wat nog braak lê vir die navorser op hierdie gebied.

Omdat die taal in wese verskil van enige Europese taal, spreek dit vanself dat daar 'n sterk vraag na geskikte leerboeke daarin sal wees, veral deur blankes wat begerig is om 'n kennis van Noord-Sotho te bekom.

Sonder enige voorbehoud moet hier gekonstateer word dat sonder die kennis van die naturelletaal die blanke nie die minste hoop het om deur te dring tot die denkwyse van die naturel nie; nog minder kan hy die siel van die naturel verstaan of sy lewenskyk waardeer.

In ons land, waarin witman en naturel daaglik naas mekaar moet bestaan, is dit dringend noodsaaklik dat die een die ander sal verstaan en respekteer. Dit kan slegs geskied as die blanke 'n intensiewe studie op die skoolbanke maak van die taal en gebruike van die naturel en die Bantoe op sy beurt weer die taal van die blanke magtig word en sy lewensfilosofie leer begryp.

Hier lê voorwaar 'n wye veld en 'n nuwe rigting wat 'n kragtige uitdaging rig aan ons opgroeiende jeug - die volk van môre.

Met die ondersoek wat in die volgende hoofstukke op wetenskaplike wyse uiteengesit word, is gepoog om die bestaande taalleerboeke te toets aan sekere vereistes en die weg aan te toon vir die samestelling van 'n wetenskaplike leerboek wat sal voldoen aan die verwagtinge wat gekoester word ten aansien van 'n maklike en spoedige aanleer van die Bantoe taal.

/ By hierdie ...

By hierdie ondersoek was die hulp van sekere persone en liggame onontbeerlik. My dank en waardering gaan in die eerste plek aan my vrou, wat my gedurig aangespoor en tot groter pogings aangevuur het. Graag bedank ek ook die Transvaalse Onderwysdepartement vir die hulp wat ek van hom ontvang het in verband met sekere inligting, statistieke en eksamenvraestelle in hierdie verhandeling vervat.

Die hele studie het gestaan onder die toesig van prof. dr. J. Chr. Coetzee, aan wie ek dankbare waardering betuig vir sy aanmoedigende en inspirerende leiding.

P.W. van Heerden.

BOONS,

Oktober 1953.

I N H O U D S O P G A W E

	Bladsy
Voorwoord	11 - 111
 HOOFSTUK I: ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MIDDELBARE ONDERWYS IN TRANSVAAL (Die Taalvraagstuk) 1 - 10	
1. Inleiding: Beknopte oorsig tot 1882	1
2.(a) Middelbare onderwys ontstaan in die Suid- Afrikaanse Republiek	2
(b) Uitbreiding van middelbare onderwys tot 1899	2
3. Onder die skaduwee van oorlogswolke, 1899-1902	3
4. Die middelbare skool	
(a) Skepping	3
(b) Werking van die middelbare skool, 1907-1922	4
5. Middelbare onderwys in Transvaal en die vraag na vreemde tale	6
6. Samevatting	10
 HOOFSTUK II: DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS VAN NOORD-SOTHO IN TRANSVAAL (vir Blankes)	
	11 - 17
1. Inleiding	11
2. Die eerste stappe	11
3. 'n Naturelletaal word skoolvak	12
4. Geskikte leerkragte ontbreek	15
5. Beskouing	16
 HOOFSTUK III: BESKIKBARE LEERBOEKE VIR BLANKES IN NOORD-SOTHO	
	18 - 31
1. Inleiding	11
2. Die leerboeke	
(a) "A Handbook of the Pedi-Transvaal Suto Language" <i>Esselen-Beyer</i>	18
(b) "Thellenyane" <i>Frans</i>	20
(c) "Handleiding by die Aanleer van Transvaal- Sotho (Sepedi)" <i>Gadema</i>	22
(d) "Noord-Sotho-Leerboek" <i>Ziervogel</i>	25
3. Kritiese samevatting	28
 HOOFSTUK IV: ALGEMENE ANALISE VAN "NOORD-SOTHO- LEERBOEK" (Ziervogel)	
	32 - 52
1. Inleiding	32

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

Bladsy

2. „Noord-Sotho-Leerboek“ ...	...	...	33
(a) Grammatika van Sepedi ...	...	...	34
(i) Die selfstandige naamwoord ...	...	...	34
(ii) Die voornaamwoord ...	...	...	38
(iii) Die werkwoord: sy tye en vorme ...	...	...	39
(iv) Die bywoord ...	...	...	43
(v) Byvoeglike naamwoorde ...	...	...	44
(vi) Voorsetsels ...	...	...	45
(vii) Voegwoorde ...	...	...	45
(viii) Telwoorde ...	...	...	45
(ix) Die klankbeeld ...	...	...	45
(x) Algemeen ...	...	...	46
(b) Oefeninge oor die leerstof ...	...	...	46
(c) Leesstukke ...	...	...	47
(d) Woordelys ...	...	...	48
3. Beskouing ...	...	...	48
HOOFSTUK V: TOETSING VAN „NOORD-SOTHO-LEERBOEK“ AAN DIE TAALKUNDE, DIE LEERPLAN EN AAN DIE VRAESTELLE ...			53 - 75
1. Inleiding ...	...	...	53
2. Die taalkunde			
(a) Ontwikkeling van die Bantoetaalkunde ...	...	...	53
(b) Toetsing van „Noord-Sotho-Leerboek“ ...	...	...	55
3. Die leerplanne ...	...	...	58
(a) Die Juniorsertifikaat ...	...	...	58
(b) Die Middelbare Skool-sertifikaat ...	...	...	62
4. Die eksamenvraestelle			
(a) Die Juniorsertifikaat ...	...	...	64
(b) Die Middelbare Skool-sertifikaat ...	...	...	68
5. Kritiese samevatting ...	...	...	71
HOOFSTUK VI: TEORIE VAN LEERBOEKSAMESTELLING VAN 'N INHEEMSE DERDE TAAL ...			75 - 85
1. Inleiding ...	...	...	75

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

	Bladsy
2. Teorie van leerboeksamestelling ...	... 77
(a) Die vorm van die leerboek ...	... 77
(b) Die inhoud van deel I ...	... 77
(c) Die inhoud van deel II ...	... 81
3. Beskouing ...	... 83
HOOFSTUK VII: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN IMPLIKASIES ...	... 86 - 99
1. Samevatting ...	... 86
2. Gevolgtrekkings ...	... 92
3. Implikasies ...	... 96
BIBLIOGRAFIE ...	... 100 - 101

H O O F S T U K I

ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MIDDELBARE ONDERWYS IN TRANSVAAL (DIE TAALVRAAGSTUK)

1. Inleiding: Beknopte oorsig tot 1882.

Die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek kon nie op 'n hegte grondslag geplaas word alvorens die Trek tot stilstand gekom het nie. Sprake van georganiseerde onderwys was daar nie, en ouers moes self die onderwysers huur¹⁾.

Die eerste "schoolreglement" is in 1852 opgestel deur meester H. van der Linden²⁾, 'n ingevoerde, opgeleide onderwyser. Hierdie regulasies is deur die Volksraad goedgekeur dog het met die toestande wat in 1855 in die Republiek geheers het, weer van die toneel verdwyn³⁾.

Twee keer, eers in 1859 en toe weer in 1866, is pogings deur die Volksraad aangewend om onderwys op 'n hegte grondslag te plaas, maar eers aan die begin van 1874 het die sg. Burgers-wet in werking gekom. In 1877 is die Republiek geannekseer, maar om die Boere se goedgesindheid te behou het die Engelse baie min veranderings in die onderwys aangebring⁴⁾.

Selfs in hierdie tyd het die sg. taalvraagstuk akuut begin word⁵⁾. Dáár was reeds die vraagstuk van onderrig deur die moedertaal of 'n vreemde taal (Lyle se verslag)⁶⁾. In Junie 1880 is 'n nuwe onderwyswet deur die Administrateur van Transvaal goedgekeur, wat onder andere die medium van onderrig aan die ouer oorlaat⁷⁾. Van hierdie nuwe wet het heel weinig tereggekom, aangesien die land in 1881 weer 'n vrye republiek geword het.

/ 2.a. ...

-
1. Malherbe: EDUCATION IN SOUTH AFRICA, 224.
 2. Coetzee: ONDERWYS IN TRANSVAAL 1838 - 1937, 24.
 3. Lugtenburg: ONDERWYS IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK, 63.
 4. Ibid., hfst. V.
 5. Malherbe: EDUCATION IN SOUTH AFRICA, 225.
 6. Ibid., 256.
 7. Coetzee: ONDERWYS IN TRANSVAAL 1838 - 1937, 46.

2.a. Middelbare onderwys ontstaan in die Suid-Afrikaanse Republiek.

Die Onderwyswet van 1882 kan met reg die oorsprong van middelbare onderwys in Transvaal genoem word, hoewel die Burgers-wet (1874) ook voorsiening gemaak het vir „hoger onderwys“. Die „Opleidingskool“ was 'n staatskool vir middelbare onderwys wat deur die Onderwyswet van 1882 in die lewe geroep is, en hierdie skool het as die „Gymnasium“ teen 1889 een van die belangrikste skole in die Republiek geword¹⁾.

Buiten en behalwe die gewone vakke vir die laer onderwys het die „Gymnasium“ ook onderrig verskaf in „de Hollandsche, Engelsche, Latijnsche en Fransche Talen...“ benewens 'n groot aantal ander vakke vir hoër onderwys²⁾.

b. Uitbreiding van middelbare onderwys (tot 1899).

Die onderwys in die Republiek was volgens die Wet van 1882 direk onder die toesig van die Superintendent van Onderwys. Ds. S.J. du Toit is as Superintendent opgevolg deur dr. N. Mansvelt, wat in 1892 'n nuwe onderwyswet opgestel het. Hoewel in beginsel dieselfde as die Wet van 1882 was dit tog omvattender en doeltreffer³⁾.

Klassieke tale⁴⁾ het nou plek gekry in die leer-gange van die Staatsgymnasium. In 1894 het die studie van vreemde tale nog 'n verdere stoot vorentoe gekry toe „Hoog-duitsch“ as 'n vak ingevoer is in die Staatsmeisieskool, wat in dieselfde jaar geopen is⁵⁾. Die onderwys in hierdie vakke was van hoë gehalte⁶⁾.

/ 3. Onder ...

-
1. Bot: HONDERD JAAR ONDERWYS IN TRANSVAAL, 29.
 2. Lugtenburg: ONDERWYS IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK, 167.
 3. Malherbe: EDUCATION IN SOUTH AFRICA, 267.
 4. Ibid., 282.
 5. Lugtenburg: a.w., 225.
 6. Malherbe: a.w., 282.

3. Onder die skaduwee van oorlogswolke, 1899 - 1902.

Met die uitbreek van die Engelse Oorlog het alle onderwys in die Republiek tot stilstand gekom¹⁾. In Dringende behoefte, gebore uit die skreeuende nood van die kinders in die kampe, het die Britse owerhede gedwing om kampskole in die lewe te roep gedurende die laaste maande van die oorlog²⁾, dog daar is niks gedoen ten opsigte van middelbare onderwys in Transvaal nie³⁾.

Eers ná die vrede in 1902 is daar vyf hoërskole in Transvaal geopen⁴⁾. Hierdie skole was enkelmediumskole waarin slegs Engels as voertaal gebruik is. Hollands kon egter as vak geneem word⁵⁾. Behalwe ander skoolvakke kon die volgende tale ook geneem word: Latyn, Frans en Duits⁶⁾.

In hierdie tyd het ook die C.N.O.-skole ontstaan, in aantal waarvan middelbare afdelings gehad het en leerlinge voorberei het vir die "School Higher"- en Matrikulasie-eksamens⁷⁾.

In 1907 is die nuwe onderwyswet, die sg. Smuts-wet geformuleer, wat meer regte vir Hollands daargestel het⁸⁾. Die Smuts-wet het nie in finale oplossing vir die taalkwessie gebied nie⁹⁾, maar die Afrikaanse ouers het vasberade gestry om die verkryging van meer regte vir Hollands.

4. Die middelbare skool.

a. Skepping.

Middelbare skole word eintlik deur die Smuts-wet van 1907 in die lewe geroep. Drie-en-twintig skole word

/ in ...

1. Malherbe: EDUCATION IN SOUTH AFRICA, 297.

2. Bot: HONDERD JAAR ONDERWYS IN TRANSVAAL, 63.

3. Coetzee: ONDERWYS IN TRANSVAAL 1838 - 1937, 74.

4. Bot: a.w., 77.

5. Idem.

6. Idem.

7. Idem.

8. Coetzee: a.w., 102.

9. Bot, a.w., 97.

in die eerste skedule by die Wet aangegee as sekondêre skole of skole met sekondêre afdelings¹⁾. Die Wet het alle skole soos volg ingedeel:

- (a) hoërskole, waarby ook ingesluit was voorbereidende afdelings, en
- (b) ander skole, bestaande uit ondersteunde plaasskole, laerskole en laerskole met sekondêre afdelings²⁾.

Die middelbare kursus, wat ná standerd 5 h aanvang geneem het, sou vyf jaar duur³⁾. Onder die verpligte vakke van die middelbare skool was Engels, Hollands en Frans, Duits of Latyn⁴⁾. 'n Belangrike feit kan hier beklemtoon word, naamlik dat daar vir die eerste keer voorsiening gemaak is vir 'n moderne vreemde taal, afgesien van Hollands en Engels, as verpligte leervak in Transvaalse skole. Die derde taal was verpligtend vir sowel seuns as dogters.

b. Werking van die middelbare skool, 1907 - 1922.

Hiermee was dan die grondslag gelê waarop in later jare voortgebou is. In 1910 bevind dr. J.E. Adamson dat daar groot behoefte aan differensiasie in die onderwys is⁵⁾. In die volgende jaar bepleit 'n skoolraadskonferensie beter en meer fasiliteite vir sekondêre afdelings sowel as 'n geringe aantal hoërskole vir die plattelandse distrikte⁶⁾.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, in 1914, het middelbare onderwys tydelik in die wiele gery, en die bou van klaskamers sowel as die verkryging van apparaat moes selfs stopgesit word⁷⁾. Die vraag na middelbare onderwys het nietemin toegeneem⁸⁾. In 1918 sien tien nuwe hoërskole die lig⁹⁾. Aan die begin van 1921 rapporteer die Direkteur / dat ...

-
- 1. ONDERWYSWET NO. 25 VAN 1907, Artikel 23, Subseksie I.
 - 2. JAARVERSLAG VAN DIE TRANSVAALSE DIREKTEUR VAN ONDERWYS, 1906 - 1907, 15.
 - 3. BEPALINGEN EN LEERGANGEN, 1909, 11 - 12.
 - 4. Ibid., 80 - 81.
 - 5. JAARVERSLAG v/d TRANSVAALSE DIREKTEUR v. ONDERWYS, 1910, 85.
 - 6. Ibid., 1911, 270.
 - 7. Ibid., 1914, 11.
 - 8. Ibid., 1917, 56.
 - 9. Ibid., 1918, 21.

dat daar nog elf nuwe skole aan die begin van 1921 vir middelbare onderwys gestig is¹⁾. Die voertaal van die skole het ook stelselmatig verander, want in 1921 verklaar die Direkteur „dat die groot meerderheid van hoër skole in die provinsie, met inbegrip van die nuwes, nou die Afrikaanse medium gebruik vir die meeste vakke“²⁾.

Die uitslae van die Transvaalse Middelbare Skool-sertifikaatëksamen (Trap I) van 1921 toon 'n totaal van agttien vakke, aangebied deur verskillende skole. Verder blyk dit dat daar ten opsigte van vreemde tale heelparty kandidate hulle aangemeld het. Onder andere het 323 kandidate in Duits eksamen gedoen (93.8% geslaag), 701 in Latyn (58.2% geslaag), 5 in Grieks (75% geslaag) en 37 in Frans (88.4% geslaag)³⁾. 'n Ontleding van die Trap II-eksamen van dieselfde jaar bring aan die lig dat 'n vyftiental vakke aangebied is. Daar het 106 kandidate in Duits eksamen gedoen (96.7% geslaag), 370 in Latyn (48.4% geslaag), 7 in Grieks (57.9% geslaag) en 40 in Frans (100% geslaag)⁴⁾.

Op hierdie stadium kan ons aflei dat die middelbare skool teen die einde van 1921 reeds 'n gevestigde instelling was, wat onder andere 'n groot aantal leerlinge gehad het wat onderrig in klassieke tale sowel as in 'n derde moderne taal ontvang het.

Die eerste Afrikaansmedium hoërskole in Transvaal was die Hoër Gimnasium op Potchefstroom, die Voortrekker-hoërskool op Boksburg en die Afrikaanse skool op Pretoria. Die medium van die nuwe plattelandse hoërskole was ook hoofsaaklik Afrikaans⁵⁾.

/ In ...

-
1. JAARVERSLAG v/d TRANSVAALSE DIREKTEUR v. ONDERWYS, 1921, 10
 2. Ibid., 16.
 3. Ibid., 174.
 4. Ibid., 190.
 5. Bot: HONDERD JAAR ONDERWYS IN TRANSVAAL, 119.

In 1922 is die aantal hoërskole weer vergroot deur hulle met vier te vermeerder, wat op hierdie tydstip die aantal middelbare inrigtings op agt-en-veertig te staan gebring het¹⁾. Die gestadige groei van middelbare onderwys bly nog steeds gehandhaaf, hoewel die peil van onderrig skynbaar onder die snelle uitbreiding ly, aangesien die Direkteur verslag doen dat die standaard en onderrig van sekere vakke veel te wense oorlaat²⁾. Sodanige vakke is Latyn, Frans, Geskiedenis en Duits³⁾. Daar word ook nou aanbeveel dat Afrikaans geleidelik ingevoer moet word, sodat dit Nederlands kan vervang teen Januarie 1924⁴⁾.

5. Middelbare onderwys in Transvaal en die vraag na vreemde tale, 1922 - 1951.

Die gemiddelde inskrywing vir hoërskole toon aan die begin van 1923 'n verdere styging⁵⁾ (vergelyk ook die tabel op bladsy 9). Die aantal skole het ook met een vermeerder⁶⁾. Die eksamenuitslae van 1923 was swakker as die uitslae van die vorige jaar. Die persentasie van geslaagde kandidate het gedaal van 69.5% tot 53.1%. Die prestasie in Engels, Latyn en Wiskunde was die swakste⁷⁾. Moeilikheid is ondervind om geskikte leerkragte te verkry, veral vir die vakke Frans, Engels en Latyn⁸⁾. Nogtans is in 1923 by die Trap II-eksamen deur die verskillende hoërskole in Transvaal altesaam een-en-twintig vakke aangebied terwyl die aanvraag vir klas-sieke en moderne tale 'n verdere styging toon, soos in die tabel op bladsy 9 aangedui.

In 1924 was die vraag na 'n moderne vreemde taal so groot dat dit vir die eerste keer die vraag na ander vreemde tale wat aan hoërskole gedoseer is, oortref het.

/ Hierdie ...

-
1. JAARVERSLAG v/d TRANSVAALSE DIREKTEUR v. ONDERWYS, 1922, 7.
 2. Ibid., 62.
 3. Ibid., 62 - 64.
 4. Ibid., 64.
 5. Ibid., 1923, 68.
 6. Ibid., 9.
 7. Ibid., 42.
 8. Ibid., 94.

Hierdie vreemde taal was Duits, wat nou bo-aan die lys van vreemde tale gestaan het, t.w. Duits 504, Latyn 493, Frans 166 en Grieks 10¹⁾. 'n Daling in die gemiddelde inskrywing (vgl. die tabel op bladsy 9) laat die inspekteur vir middelbare skole rapporteer dat dit dalk nodig kan word om die getal skole te verminder²⁾. Ten spyte van die daling in die gemiddelde inskrywing in middelbare skole word die toename van leerlinge in Duits gehandhaaf by die eindeksamen van die middelbare skool in 1925, naamlik 532 (styging) teenoor Latyn 442 (daling), Frans 146 (daling) en Grieks 9 (daling)³⁾. Vergelyk hiervoor ook die tabel op bladsy 9.

Na 'n verdere daling in die inskrywing vir hoërskole in 1928⁴⁾, (vgl. die tabel op bladsy 9), volg daar nou 'n gestadige styging. Met die byvoeging van Hebreeus in 1927 het die aantal vreemde tale in Transvaalse hoërskole op hierdie tydstip vyf bedra, t.w. Frans, Duits, Latyn, Grieks en Hebreeus (vgl. die tabel op bladsy 9).

Geen noemenswaardige ontwikkelings op onderwysgebied, veral ten opsigte van middelbare onderwys, het tussen die jare 1931 en 1935 voorgekom nie, behalwe die instelling van skoolplase in 1934 „...ten einde beter fasiliteite aan die plattelandse kind te verskaf...“⁵⁾. Daar was ook tekens dat sommige Randse hoërskole in hierdie jaar oorvol was⁶⁾. Wat betref die uitbreiding van middelbare onderwys bevind die Onderwyskommissie van 1937 dat die totale inskrywing van skole en klasse vir middelbare onderwys tussen die jare 1918 en 1937 met 439.7% vermeerder het⁷⁾.

/ Aangaande ...

-
1. JAARVERSLAG v/d TRANSVAALSE DIREKTEUR v. ONDERWYS, 1924, 176.
 2. Ibid., 1925, 72.
 3. Ibid., 1926, 228.
 4. Ibid., 1928, 23.
 5. Ibid., 1934, 14.
 6. Ibid., 1935, 76 - 77.
 7. VERSLAG v/d PROVINSIALE ONDERWYSKOMMISSIE, 1937, 81, par. 266.

Aangaande die vakke van die middelbare skool het die Kommissie aanbeveel dat 'n naturelletaal by die kursus gevoeg word¹⁾. Dit is 'n mylpaal in die ontwikkeling van die middelbare skool, veral ten opsigte van die leerplan, aangesien dit die eerste keer is dat 'n inheemse taal, t.w. 'n naturelletaal, as skoolvak in die middelbare skole van Transvaal aanbeveel is. Voor hierdie tyd was die aandag veral toegespits op die aanleer van vreemde Europese tale, modern sowel as klassiek.

Hierdie aanbeveling is in 1940 'n stap verder gevoer toe 'n naturelletaal in die leerplanne van die hoërskole ingevoer is²⁾. Dit het beteken dat die leerlinge van Transvaalse middelbare skole van nou af aan vir die matrikulasie-eksamen 'n keuse sou hê tussen die gewilde Europese vreemde tale en die onbekende maar uiters belangrike Bantoetaal.

In die volgende hoofstuk sal meer bepaald stilgestaan word by die uitwerking van hierdie historiese aanbeveling van die Provinsiale Onderwyskommissie van 1937.

Ten slotte moet hier nog aangvoer word dat daar tot 1946 'n geleidelike styging in die aantal inskrywings van die middelbare skool was. Daarna het dit skerp gedaal in 1947 dog weer 'n opwaartse neiging begin toon, totdat die gemiddelde inskrywing van 1951 die fenomenale vermeerdering van 17,920 getoon het oor die inskrywing van die vorige jaar (vgl. die tabel op bladsy 9).

Fundamenteel is die middelbare skool vandag nog dieselfde as toe dit ingestel is, dog vandag is daar 'n baie groter verskeidenheid van vakke, sodat daar voorsiening gemaak kan word vir etlike rigtings waarin die leerlinge belangstel. Onder meer sluit die kurrikulum van die

/ hoërskole ...

1. VERSLAG v/d PROVINSIALE ONDERWYSKOMMISSIE, 1937, 155, par. 534.

2. DEPARTEMENTELE OMSENBRIEF No. 13 van 1940, E.46/9/1.

GEMIDDELDE INSKRYWING IN TRANSVAALSE MIDDELBAARE SKOLE EN DIE
AANTAL KANDIDATE IN VREEMDE TALE IN HIERDIE SKOLE :
1918 tot 1951.

JAAR	GEMIDDELDE INSKRYWING	FRANS	DUITS	LATYN	GRIEKS	HEBR.	NOORD- SOTHO
1918	3941						
1919	4854						
1920	5666						
1921	7195	40	106	370	7		
1922	8764	79	190	422	6		
1923	10078	121	353	566	15		
1924	11845	166	504	493	10		
1925	11529	146	532	442	9		
1926	10832	165	558	466	15		
1927	11425	156	422	404	4	4	
1928	11176	155	481	461	5	11	
1929	11818	155	452	464	9	15	
1930	12214	127	541	531	9	5	
1931	12777	134	610	582	10	8	
1932	12881	143	718	610	16		
1933	13456	137	787	617	13	11	
1934	13658	140	656	645	15	14	
1935	13542	123	666	605	12	6	
1936	15036	133	622	556	5	12	
1937	15955	128	657	663	10	15	
1938	16187	120	708	668	15	9	
1939	16816	94	736	631	16	23	
1940	17920	129	682	634	16	16	4
1941	18498	115	615	581	15	18	7
1942	19127	109	589	488	10	22	7
1943	20763	146	577	483	13	25	5
1944	22252	108	608	455	18	15	4
1945	24809	125	630	485	21	14	8
1946	25580	114	653	516	16	31	10
1947	22401	125	706	622	15	21	8
1948	23158	126	676	548	16	33	14
1949	25184	109	660	536	11	14	17
1950	29979	126	654	581	12	33	7
1951	46899	135	687	590	2	38	9

hoërskole vandag 'n inheemse moderne taal in, wat bewys dat daar 'n diepgevoelde behoefte bestaan aan juis 'n naturelletaal.

6. Samevatting.

In die eerste jare van die bestaan van georganiseerde onderwys in Transvaal kon daar, uit die aard van die saak, weinig aandag bestee word aan die leer van vreemde tale. Eers in 1882 word daar melding gemaak van die doseer van vreemde tale in Transvaalse skole. Die Smuts-wet van 1907 het 'n moderne vreemde taal as verpligte leervak ingestel en 'n keuse gelaat uit drie.

Vir ongeveer die eerste twintig jaar van die bestaan van die middelbare skool was die enigste vreemde tale Frans, Duits en Latyn. Toe is Grieks ingevoer, en in 1927 het Hebreeus bygekom (vgl. die tabel op bladsy 9).

Dertien jaar later, nadat 'n aanbeveling deur die Provinsiale Onderwyskommissie van 1937 gedoen is, is 'n naturelletaal, Noord-Sotho, die eerste moderne Bantoetaal wat deur die onderwysowerhede erken is in Transvaal, in die leerplanne van die middelbare skool ingevoer as keusevak (vgl. die tabel op bladsy 9).

Uit die voorgaande moet ons tot die slotsom geraak dat die middelbare skool gestadiglik in gestalte toegeneem het en dat met hierdie ontwikkeling daar ook 'n uitbreiding was van die keuse van vreemde tale: eers die bekende Europese vreemde klassieke en moderne tale en sedert 1940 die minder bekende maar uiters noodsaaklike inheemse vreemde Bantoetaal.

Ons moet derhalwe ook hieruit aflei dat die huidige middelbare skool op die vooraand staan van 'n nuwe tydvak in sy ontwikkeling, 'n tydperk van geleidelike invoering en uitbouing van verskeie moderne Bantoetaale in sy kurrikulum.

H O O F S T U K I I

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS VAN NOORD-SOTHO IN TRANSVAAL (VIR BLANKES).

1. Inleiding.

[Namate die vraag na vreemde tale in Transvaalse skole toegeneem het, beide in omvang en verskeidenheid, het die tyd ook ryp geword vir die invoering van 'n inheemse vreemde taal, in hierdie geval 'n Bantoetaal.]

Hoewel die behoefte by die blanke ontstaan het na kennis van een of meer van die Bantoetale in ons land, veral uit hoofde van die moeilikhede wat sekere staatsamp- nare, polisiebeamptes, boere en andere daaglik in die uit- voering van hulle pligte ondervind het, het die invoering daarvan as erkende vak in die middelbare skole van Transvaal tot betreklik onlangs uitgebly.

2. Die eerste stappe.

[Ten gevolge van die wyses wat die Provinsiale Onderwyskommissie van 1937 gedek het, was dit onvermydelik dat die belangrikheid van 'n naturelletaal vir blankes as 'n studievak aan die middelbare skool op een of ander wyse besef sou word en die saak tydens die sitting van die Kommissie geopper sou word.]

[Verskeie getuies het voor hierdie Kommissie gepleit dat een of ander van die naturelletale in Transvaal 'n opsio- nele vak in die hoërskool moet wees. Om die belangrikheid van so 'n vak te staaf is verskeie redes na vore gebring, onder andere dat aan skole 'n vak verskaf sal word waarvan baie leerlinge reeds 'n redelike mate van kennis het, dat beter geleenthede vir toekomstige beroepe gebied sal word en dat so 'n vak sal bydra om die betrekkinge met die Bantoe- volkere te verbeter¹⁾.]

/Die...

1. VERSLAG v/d PROVINSIALE ONDERWYSKOMMISSIE, 1937, 155, paragraaf 534.

Die Kommissie het dan ook op grond van hierdie getuienis aanbeveel dat daar 'n kort kursus in die Bantoetaal in die hoërskole van Transvaal ingevoer moet word. Die Kommissie het ook aangedring op 'n ondersoek na die moontlikheid om so 'n vak in die langer hoërskoolkursus in te lyf¹⁾. Blykens hierdie aanbeveling was daar geen twyfel aan die sukses van hierdie vak as deel van die leergange in Transvaalse skole nie.

Op hierdie wyse is dan die eerste offisiële stappe gedoen om 'n moderne, inheemse derde taal in die leergange van die Transvaalse middelbare skole opgeneem te kry en dit te verhef tot 'n status gelykwaardig aan die posisie wat die Europese vreemde tale tot dusver bekleed het.

3. 'n Naturelletaal word skoolvak.

Van owerheidsweë was die reaksie op die Kommissie se aanbeveling byna onmiddellik. Kort na die verskyning van die verslag van die Onderwyskommissie in 1939 het die Transvaalse Onderwysdepartement dadelik daartoe oorgegaan om die nodige stappe te doen ter aanmoediging van die invoering van 'n naturelletaal in die hoërskole onder sy beheer.

Vroeg in 1940 is 'n offisiële rondskrywe gestuur aan alle Transvaalse skole met klasse bo standaard 6²⁾. Die omsendbrief verwys aanvanklik na die verslag van die Onderwyskommissie en onderstreep dan die Kommissie se aanbeveling ten opsigte van die invoering van 'n naturelletaal in sekere Transvaalse skole.

Die aandag van hoofde van skole word voorts daarop gevestig dat die Onderwysdepartement nou voorsiening maak daarvoor dat naturelletale op skole met klasse hoër as

/standerd ...

1. VERSLAG v/d PROVINSIALE ONDERWYSKOMMISSIE, 1937, 155, paragraaf 534.

2. DEPARTEMENTELE OMSENDRIEF No. 13 van 1940, E.46/9/1.

standerd 6 ingevoer en as vakke bestudeer mag word. Eksamen kan gedoen word in sowel die Transvaalse Juniorsertifikaat as die Eindsertifikaat van die middelbare skool. Volgens hierdie rondskrywe bestaan daar alreeds 'n sillabus vir naturelletale as vak vir die Eindeksamen van die middelbare skool. Daar is ook gemeld dat 'n leerplan vir die Junior-sertifikaat-eksamen onder oorweging is.

Verskillende skole oor die lengte en breedte van Transvaal het hierop gereageer. In daardie jaar (1940) begin reeds twee skole op die Transvaalse platteland met klasse vir naturelletale, t.w. die Wolmaransstadse hoërskool en die Paul Kruger-skoolplaas¹⁾.

Juistheidshalwe moet hier gekonstateer word dat vir die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen alreeds in 1937 'n naturelletaal (Noord-Sotho) as skoolvak vir naturelle ingevoer is aan die Kilnertonse hoërskool by Pretoria en die Khaisô sekondêre skool by Pietersburg en vir die Eindeksamen van die middelbare skool in 1939 aan die Khaisô sekondêre skool²⁾.

In Junie 1940 het die beloofde departementele leerplan vir naturelletale die lig gesien. Dit was in twee afdelings : hoër graad en laer graad³⁾. Dit is duidelik dat die laer graad-leerplan hoofsaaklik bedoel was vir blanke leerlinge wat begerig was om 'n kursus in die naturelletaal te volg.

By die betragting van die leerplan is die klaarblyklike standpunt van die Departement dat die naturelletaal nie vir die blanke kind as 'n vreemde taal aandoen nie. Aanvanklik gaan hy dan van hierdie veronderstelling uit.

/Onderwysers...

1. Inligting uit Departementele leggers.

2. Ibid.

3. DEPARTEMENTELE OMSENBRIEF, Deel IV, No. 4, Junie 1940, 64.

Onderwysers in die vak word in hierdie uiteensetting van die leerplan aangemoedig om die leerlinge in die natuurlike taal aan te moedig om direk van die natuur te leer waar die geleentheid daartoe gevind mag word.

Die leerplan bestaan grotendeels uit 'n uiteensetting van wat van die leerlinge verwag word. Veral word daarin beklemtoon die noodsaaklikheid van die bemeestering van die skakelstelsel, wat die grondslag is van die natuurlike taal.

Die Departement wys daarop dat die onderrig van formele grammatika nie aangemoedig word nie. Daarenteen word die aandag gevestig op die gebruik van spreeklesse en latere skriftelike oefeninge. Hierdie skriftelike oefeninge moet gebaseer wees op die spreeklesse, waarin die verskillende selfstandige naamwoorde, met die nodige gebare, binne die bestek van die kind se alledaagse ervaring gebruik word.

Om die kind se oor aan die klankharmonie gewoond te maak beveel die Departement aan dat allereers net die teenwoordige tyd in sinne gebruik word. Eers wanneer die kinders meer tuis is in die taal, word die ander tye behandel. In hierdie kursus word dan ook net die ses grondtipe van die aantoonende wys sowel as die gewone vorme van die gebiedende wys aanbeveel. Besondere aandag moet, volgens die leerplan, aan intonasie gewy word.

Benewens die bostaande verwag die leerplan ook 'n elementêre inleiding tot die letterkunde van die taal. Verder moet 'n redelike vaardigheid in die ortografie bereik word, en die leerling moet ook stelwerk en mondelinge werk lewer wat getuig van 'n taamlike mate van vordering

/Wat...

Wat die skriftelike werk aanbetref, vereis die leerplan min of meer dieselfde peil vir die werk as dié vir 'n Europese derde taal. Voorts word ook die verskil beklemtoon tussen die Bantoetaal en die Europese taal.

Hierdie eerste sillabus van die Departement moet dan hoofsaaklik beskou word as die hoeksteen in die vorming van die onderrig van 'n naturelletaal as 'n derde moderne vreemde taal in Transvaalse middelbare skole.

4. Geskikte leerkragte ontbreek.

Na die aanvanklike spontane oplewing het die invoering van 'n 'n naturelletaal as skoolvak blykbaar nie na verwagting gevorder in Transvaalse middelbare skole nie, want gedurende 1945 word 'n verdere rondskrywe gerig aan al die skole met klasse bo standaard 6¹⁾.

In hierdie omsendbrief beklemtoon die Departement nogeens die wenslikheid van die onderrig in naturelletale aan middelbare skole. Die Departement wys voorts op die klein begin ('n paar hoërskole en twee skoolplase) en op die moeilikheid wat deur hierdie inrigtings ondervind word om geskikte leerkragte te verkry.

As rede vir die swak ondersteuning wat die vak ervaar het, voer die Departement aan die feit dat studente wat onderwysers wil word, opmerk dat die getal skole waar onderrig in die naturelletaal gegee word so klein is. Hulle sou dan hierdeur ontmoedig word om hulle op die studie van die vak toe te lê. Dit is die uitgesproke wens van die owerhede dat hierdie knoop deurgehak moet word.

Andermaal poog die Departement om die studie van naturelletale te bevorder. In die Omsendbrief van 1945 vra die Departement weer hoeveel skole begerig is om 'n naturelletaal in te voer indien die versekering gegee kan word dat

/die...

die leerkragte beskikbaar sou wees.

Weereens wys die Departement op die nut van die naturelletaal maar tewens ook op die moeilike aard daarvan omdat dit geheel en al verskil van al twee ons ander landstale.

Ingesluit by hierdie omsendbrief was ook 'n vraelys, waarmee bedoel was om 'n opname te maak van die aantal skole wat begerig was om 'n naturelletaal in hulle leergange in te voer. Verdere vrae het gehandel oor die aantal leerlinge wat begerig was om 'n studie te maak van die naturelletaal, die beskikbare leerkragte en die kwalifikasies van hierdie persone¹⁾.

Hierdie oproep van die onderwysowerheid moet goeie vrugte gedra het, want die Departement verwys in 1951 weer by wyse van 'n omsendbrief²⁾ na die aanbod van geskikte onderwysers vir die onderrig in naturelletale en wys daarop dat die toestand verbeter het.

Na hierdie aankondiging stel die Departement dit verder dat waar dit wenslik geag word om 'n naturelletaal in die skoolkurrikulum in te voer, daar in die toekoms min werklike moeilikhede in die weg behoort te staan. Die tydperk waarin daar 'n tekort aan onderwysers was, was dus iets van die verlede.

5. Beskouing.

Die aanvanklike moeilikhede van skole wat 'n naturelletaal as vak ingevoer het, was slegs tydelik. Nogtans is daar nie die vordering te bespeur waarop gehoop is nie. Een skool wat met die vak in 1940 begin het, het dit drie jaar later afgeskaf as gevolg van 'n oorvol skoolleerplan.

/Die...

1. Vraelys by OMSENBRIEF No. 21 van 1945.
2. OMSENBRIEF No. 9 van 1951, 23/1/51.

Die fout lê nie by die aanvraag vir die vak nie: dit moet elders gesoek word. Aan die begin was daar die gebrek aan bevoegde leerkragte, maar die posisie is heelwat verlig, blykens die omsendbrief van 1951.

Die toestand aan die einde van 1951 was dat daar slegs twee hoërskole vir blankes kandideer vir die Eind-eksamen van die Transvaalse Middelbare Skool gelewer het, t.w. die Nylstroomse en Pietersburgse hoërskool¹⁾.

Ander moontlike oorsake vir die gebrek aan vordering in die onderrig van naturelletale aan Transvaalse hoërskole moet waarskynlik gesoek word in:

- (a) min belangstelling van sekere hoofde van skole;
- (b) 'n oorlaaide skoolkurrikulum wat nie plek bied vir nog 'n taal nie;
- (c) die betreklike nuwigheid van die vak teenoor die meer bekende en ouer vakke wat reeds eeue lank deel van skoolleerplanne dwarsdeur die wêreld vorm, en
- (d) die aanvanklike gebrek aan geskikte taalleerboeke in Noord-Sotho, die taal wat deur die Departement aanbeveel is uit die Sotho-groep²⁾.

In die volgende hoofstuk sal in die besonder stilgestaan word by die beskikbare taalleerboeke in Noord-Sotho vir blankes.

/ HOOFSTUK III...

1. Inligting uit Departementele leggers.

2. DEPARTEMENTELE OMSENBRIEF No. 21 van 1945.

H O O F S T U K I I I

BESKIKBARE LEERBOEKE VIR BLANKES IN NOORD-SOTHO.

1. Inleiding.

Met die invoering van Noord-Sotho as skoolvak in Transvaalse middelbare skole in 1940 het daar 'n vraag ontstaan na 'n geskikte taalleerboek vir hierdie vak. Daar was maar 'n handjievol taalleerboeke, wat in twee groepe verdeel moet word:

- (a) die boeke wat vir gebruik in die
moedertaal bedoel is, en
- (b) die boeke wat vir gebruik deur
andertaliges bestem is.

In hierdie hoofstuk sal ons dan kortliks stilstaan by die boeke onder (b). Hulle is ook hoofsaaklik dié taalleerboeke wat deur blankes gebruik is of word in hulle studie van Noord-Sotho.

2. Die leerboeke.

- a. G. Beyer: A handbook of the Pedi-Transvaal Suto language; Morija Sesuto Book Depot, 1920; 99 bladsye.

Hierdie eerste taalleerboekie in Noord-Sotho was hoofsaaklik bedoel "...not only for Bantu students, but also for traders, employers, Government officials, missionaries and all who have to deal with the native population of this country"¹⁾.

In hierdie boekie bepaal die skrywer hom by die ortografie waarop in 1910 deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap besluit is vir Setšwana en Sesotho²⁾.

/ Hy het...

1. Beyer: A HANDBOOK OF THE PEDI-TRANSVAAL SUTO LANGUAGE, Preface.

2. Ibid., 1.

Hy het dan ook die taal so foneties moontlik geskrywe.

Die skrywer behandel kortliks die sewe naamwoordklasse, wat hy met talryke voorbeelde illustreer. Daar is ook oefeninge by die leerstof.

Tussen hierdie naamwoordklasse met hulle oefeninge het die skrywer ook nog plek gevind vir die verskillende voornaamwoorde¹⁾ en telwoorde²⁾. Die tye, waarvan slegs die vernaamstes, word vervolgens behandel³⁾. Met voorbeelde behandel hy die voltooide tyd, toekomstige tyd, die lokatief, die voltooid toekomstige tyd, die ontkenningvorm, die positiewe relatiewe verbuiging, die ontkenkende relatiewe verbuiging sowel as die optatief in verskillende vorms.

Sekere klankveranderings (die r na die th) word voorts omskrywe⁴⁾, en 'n kort oorsig van die mees algemene afgeleide werkwoorde word verstrekk⁵⁾.

Die trappe van vergelyking met heelparty voorbeelde word ook behandel⁶⁾, waarna die skrywer heelwat tyd bestee aan die verskillende bywoorde (plek, tyd en wyse)⁷⁾.

Die laaste afdeling van die taalleerboek se grammatika word gewy aan voegwoorde⁸⁾.

Die tweede gedeelte van hierdie werk bestaan uit alledaagse uitdrukkings, wat onderverdeel is in: begroetings, die weer, by die winkel, by die dokter, kom en gaan, in die kombuis, wasgoed en reis⁹⁾.

Die derde en laaste gedeelte van die boek word gewy aan 'n woordeskat¹⁰⁾, wat iets besonder is, aangesien

/dit...

-
1. Beyer: A HANDBOOK OF THE PEDI-TRANSVAAL SUTO LANGUAGE, 12 - 20.
 2. Ibid., 21 - 24.
 3. Ibid., 25 - 40.
 4. Ibid., 37.
 5. Ibid., 40.
 6. Ibid., 41.
 7. Ibid., 42 - 43.
 8. Ibid., 44.
 9. Ibid., 45 - 51.
 10. Ibid., 52 - 99.

dit feitlik die eerste poging is om 'n Noord-Sotho-woordeboek saam te stel. Dit beslaan dan ook 47 uit die 99 bladsye van die taalleerboekie. Vierhonderd-agt-en-dertig Noord-Sotho-woorde word in die "Pedi-English"-gedeelte aangetref. Dwarsdeur die boekie word verskeie grammatikale reëls in die vorm van opmerkings onderaan elke bladsy gegee.

b. G.H. Franz: "Thellenyane" - 'n Handleiding van Noord-Sotho vir beginners in Afrikaans; Afrikaanse Pers Beperk, 77 bladsye.

Hierdie taalleerboekie, die tweede wat die lig gesien het, is in Afrikaans geskrywe deur iemand wat die taal besonderlik magtig is, naamlik die heer G.H. Franz, B.A. Hy lei die werkie in met 'n aantal wenke oor die uitspraak van Sotho-klanke¹⁾.

Die taalleerboekie bestaan uit vier dele. Deel I²⁾ handel oor die naamwoord in al sy klasse, beginnende by die persoonsklas en eindigende by die werkwoordelike klas of die onbepaalde wyse van die werkwoord. Die skrywer verskaf menigvuldige voorbeelde en doeltreffende oefeninge. Uitvoerige verduidelikings en vergelykings met Afrikaans en ander tale, maak die wenke by elke naamwoordklas baie waardevol.

Die skrywer, wat die taal volkome meester is, het die oefeninge só opgestel dat hulle geskik is vir die blanke wat die taal aanleer. „Hoe om 'n sin te maak"³⁾ is een van die waardevolle wenke, want sinsvorming in die naturelle tale verskil hemelsbreed van sinsbou óf in Afrikaans óf Engels.

Benewens die naamwoordklasse gee die skrywer ook kort lysse van werkwoorde⁴⁾ wat in die oefeninge gebruik word. Algaande kom ook meer stukke vertaling voor⁵⁾.

Deel II behandel die moeilikhede wat by die blanke

/student...

1. Franz: THELLENYANE, 7 - 8.

2. Ibid., 9 - 23.

3. Ibid., 10, 12, 15, 17, 19, 21.

4. Ibid., 10, 12, 13, 14, 16, 17, 19, 20.

5. Ibid., 10, 13, 15, 17, 20, 22, 23.

student opduik by die aanleer van Noord-Sotho. Die skrywer verduidelik die gebruik van is deur voorbeelde en oefeninge¹⁾. „Hoe word besit uitgedruk“, en „Hoe beskryf die Mosotho iets?“ is die opskrifte van oefeninge en verduidelikings in hierdie afdeling van die boek. 'n Interessante onderafdeling oor geslag²⁾ val ook onder Deel II. „Hoe maak die Mosotho om die herhaling van die naamwoord te vermy?“³⁾ is 'n verdere afdeling van die hoofstuk. Die skrywer behandel voorts ook die samegestelde onderwerp of voorwerp, die gebruik van die koppelwoord, voorwerpsvoornaamwoorde, onderwerpsvoornaamwoorde, voornaamwoorde (alle klasse), die verlede tyd, die besittlike vorm en uiteindelik verkleinwoorde⁴⁾. Net soos by die vorige deel is hier ook goeie stelle oefeninge.

Deel III handel byna in sy geheel oor die werkwoord⁵⁾, wat 'n baie vername plek in Noord-Sotho inneem, aangesien die werkwoord baie nou aan die selfstandige naamwoord verbonde is.

Die skrywer wy onderafdelings van die hoofstuk aan die verskillende tye. Dan verduidelik hy in oefening 23 hoe gewone handeling uitgedruk word, die drie tye van die volmaakte handeling, hoe 'n verhaal vertel word, hoe 'n bevel gegee word, hoe 'n doel uitgedruk word en hoe 'n gewoonte uitgedruk word. Die ingewikkelde ontkenningvorm van Noord-Sotho word voorts verduidelik en die relatiewe konstruksie in die verskillende tye behandel⁶⁾.

/ 'n Verdere...

-
1. Franz: THELLENYANE, 24 - 26.
 2. Ibid., 33 - 34.
 3. Ibid., 34 - 36.
 4. Ibid., 37 - 48.
 5. Ibid., 49 - 73.
 6. Ibid., 50 - 62.

h Verdere deel van die hoofstuk bestaan uit beskrywings van die lydende vorm en hulpwerkwoorde, waarna die skrywer by afleidings van die werkwoord kom. Die hoofstuk sluit af met paragrawe en oefeninge oor voorsetsels en bywoorde¹⁾. Soos by die vorige deel is daar ruimskoots voorsiening gemaak vir oefeninge oor al die onderwerpe.

Deel IV is baie kort en behandel die groei van Noord-Sotho. Die skrywer gaan hier in op die wyse waarop die taal ontwikkel. Hy spits hom veral toe op samegestelde woorde: naamwoorde en werkwoorde²⁾.

Die tweede gedeelte van die hoofstuk handel oor beeldspraak, waarvan die skrywer beweer dat dit die skoonheid van Noord-Sotho vorm³⁾. Hy verdeel die beeldspraak in tussenwerpsels en klankbeelde⁴⁾. Van laasgenoemde noem hy sekere woorde wat in verband staan met die oë, die oor, die neus, die tong en die gevoel. Dié woorde is onvertaalbaar⁵⁾.

Die boekie eindig met h algemene oefening in vertaling.

c. T.M.H. Endemann: „Handleiding by die aanleer van Transvaal-Sotho (Sepedi)”; J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria; 157 bladsye.

Die handleiding van Endemann, ook in Afrikaans geskryf, bestaan uit h inleiding en vyf-en-twintig hoofstukke. Dit dek vrywel die hele studieveld vir Noord-Sotho.

In die inleiding gee die skrywer h opsomming van die hoofkenmerke van die taal⁶⁾. Hoofstuk I handel oor die klanke, die lengte en die klemtoon van die klinker, sowel as die toonhoogte⁷⁾.

Hoe die selfstandige naamwoord in klasse verdeel

/word...

1. Franz: THELLENYANE, 62 - 73.

2. Ibid., 72.

3. Ibid., 74.

4. Ibid., 75.

5. Idem.

6. Endemann: HANDLEIDING b/d AANLEER v. TRANSVAAL SOTHO, 9 - 10.

7. Ibid., 11 - 17.

word, word beskryf in hoofstuk II. Talryke voorbeelde en oefeninge word verskaf¹⁾.

Die onderdele van die naamwoordklasse word in hoofstuk III verduidelik. Die hoofstuk handel dan ook hoofsaaklik oor die bou van eenvoudige sinne in Sepedi. Die besittlike koppelwoord of genitiefskakelwoord, die selfstandige voornaamwoord, die klas vir familiebetrekkinge en die onderwerpsvoornaamwoord, wanneer selfstandige naamwoorde van verskillende klasse as die onderwerp van die sin dien, word voorts behandel. By elkeen van hierdie onderafdelings is genoegsame voorbeelde. 'n Stel algemene oefeninge rond die hoofstuk af²⁾.

Demonstratiewe en hulle versterking sowel as die versterking van byvoeglike naamwoorde en bywoorde vind 'n plek in hoofstuk IV. Gepaste oefeninge word verskaf³⁾.

Hoofstukke VI, VII en VIII handel respektiewelik oor die verkleinwoorde, die geslag en die naamval. Geskikte oefeninge word gegee⁴⁾. Die adjektiewe of byvoeglike konstruksie word saam met die byvoeglike naamwoord beskrywe in hoofstuk IX. Daarby kom ook nog 'n uiteensetting van die belangrike relatiewe konstruksie. Daar is ook gepaste oefeninge⁵⁾.

Hoofstukke X, XI, XII en XIII beskryf respektiewelik die gebruik van telwoorde, bywoorde en trappe van vergelyking, persoonlike voornaamwoorde en voornaamwoorde buite die persoonlike voornaamwoord⁶⁾.

/ Hoofstuk...

-
1. Endemann: HANDLEIDING b/d AANLEER v. TRANSVAAL SOTHO, 17 - 22.
 2. Ibid., 23 - 37.
 3. Ibid., 38 - 45.
 4. Ibid., 46 - 53.
 5. Ibid., 53 - 60.
 6. Ibid., 69 - 82.

Hoofstuk XIV beklemtoon die gebruik van die werkwoord wanneer die eerste persoon enkelvoud die voorwerp van die sin is¹⁾. Die refleksief of wederkerige werkwoord word beskrywe in hoofstuk XV²⁾.

Die skrywer behandel die ses vernaamste tye in hoofstuk XVI, wat hy „n Inleiding in die tye" noem³⁾. Die passief of lydende vorm word bespreek en verduidelik in hoofstuk XVII⁴⁾.

Onder die opskrif „Die wyse i.v.m. die verskillende tye en negatief" staan hoofstuk XVIII, wat onderverdeel is in die volgende sub-afdelings: die indikatief, die aanvoegende wys, die bevelvorm, die conditionalis en die optatief of die kohortatief⁵⁾.

Nadat hy enkele voegwoorde, voorsetsels en partikels noem in hoofstuk XIX⁶⁾, gaan hy daartoe oor om die werkwoord om te wees te behandel in hoofstuk XX⁷⁾.

Die werkwoord word voortgesit in hoofstuk XXI (om te hê)⁸⁾. Hoofstuk XXII handel oor die historiese tye: die konsekatief, die historiese perfektum, die hulpwerkwoord sa en die intensiewe perfektum, elk met talle voorbeelde⁹⁾.

Hoofstuk XXIII handel oor die werkwoord, maar oor afleidings deur agtervoegsels. Die verskillende soorte agtervoegsels word genoem en beskrywe¹⁰⁾.

Die vraag word dan behandel: vragende voornaamwoorde, vragende bywoorde en die versterkende partikels¹¹⁾.

/In die...

-
1. Endemann: HANDLEIDING b/d AANLEER v. TRANSVAAL SOTHO, 83 - 85.
 2. Ibid., 85 - 87.
 3. Ibid., 87 - 95.
 4. Ibid., 96 - 99.
 5. Ibid., 100 - 111.
 6. Ibid., 111.
 7. Ibid., 112 - 123.
 8. Ibid., 123 - 132.
 9. Ibid., 132 - 137.
 10. Ibid., 138 - 150.
 11. Ibid., 150 - 152.

In die aanhangsel wat die boek afsluit, gee die skrywer 'n aantal gebruiklike uitdrukkings, klanknabootsende woordo, hulpwerkwoorde, tussenwerpsels, sametrekkinge en samegestelde selfstandige naamwoorde¹⁾.

(d) Dr. D. Ziervogel: Noord-Sotho-Leerboek met oefeninge en vertaling, leesstukke en 'n woordelys; J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1949; 147 bladsye.

Tot die jaar 1951 is dit die jongste taalleerboek in Noord-Sotho. In die voorwoord bestempel die skrywer dit as 'n poging om die basiese kennis van Noord-Sotho gesistematiseerd aan te bied²⁾.

Nadat hy in die inleiding oor die herkoms van Noord-Sotho uitgewei het, behandel hy dan die klanke, klem en intonasie³⁾.

Die boek is deurgaans ook in die jongste skryfwyse opgestel, waar die gewone g weer die Griekse x vervang.

In sy geheel bestaan die orige deel van die boek uit twee-en-dertig lesse, met volledige oefeninge by elke les, sowel as vertalings, leesstukke, woordelys en „indeks“.

Die inleidende les behandel die klasprefiks, die skakels en die voornaamwoord⁴⁾.

Les I neem 'n aanvang met die persoons- of mensklas en behandel voorts die infinitiefklas, die onderwerp-skakel, die kopula en die aanspreekvorm⁵⁾.

In die tweede les word die werk van die vorige les voortgesit, en bykomend word dan die gebruik van die teenwoordige en toekomstige tyd sowel as die bywoord verduidelik⁶⁾.

/ Les III ...

-
1. Endemann: HANDLEIDING b/d AANLEER v. TRANSVAAL SOTHO, 153 - 157.
 2. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, xvi.
 3. Ibid., 5.
 4. Ibid., 7 - 9.
 5. Ibid., 10 - 12.
 6. Ibid., 13 - 14.

Les III handel oor die mo - me-naamwoordklas en die perfektum -ile sowel as die voorwerpskakel¹⁾. Die posisie van die nomen in die sin, die vraag en die vraagwoorde, die bevelsvorm en sekere vorme van die perfektum sowel as enkele werkwoorde word dan behandel (Les IV)²⁾.

In Volgende naamwoordklas kom aan die beurt in les V, waarvan bindelemente, die lokatief, die genitief- of possessiefkonstruksie onderafdelings is³⁾. Les VI is 'n leesstuk: "Mo Motseng"⁴⁾.

Les VII handel oor die se - di-klas, die demonstratief, die perfektum -tše en -ntše, die resiprokale voorvoegsel -ana⁵⁾. Les VIII begin met naamwoorde van die dierklas. Die werkwoord-agtervoegsel -êla, die omskrywing met werkwoorde en die perfektum met -itše en -ditše volg daarop⁶⁾.

Deverbatiewe in die dierklas word bespreek in les IX, tesame met die absolute voornaamwoord, die perfektum met -ne en -me en die ontkenning van die teenwoordige tyd⁷⁾. Les X handel oor die mo - ba-klas, die omskrywing met selfstandige naamwoorde, die a-verlede tyd en die kousatiewe suffiks -iša⁸⁾.

Lokatiefklasse en die uitdrukking van plekaanduiende bywoorde en voorsetsels vind 'n plek in die volgende hoofstuk. Hierby kom ook nog die ontkenning van die perfektum. Die eerste herhalingsoefeninge kom ook hier voor⁹⁾. Les XII is 'n leesstuk: "Bašimane le Basetsana"¹⁰⁾. Die eerste en tweede persoon, die passief en die potensialis volg in

/ Les XIII...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 15 - 16.
2. Ibid., 17 - 18.
3. Ibid., 19 - 21.
4. Ibid., 21 - 22.
5. Ibid., 22 - 24.
6. Ibid., 25 - 26.
7. Ibid., 27 - 29.
8. Ibid., 30 - 32.
9. Ibid., 32 - 36.
10. Ibid., 36 - 37.

les XIII¹⁾.

In die volgende les behandel die skrywer die eerste persoon voorwerpskakel -ne, die refleksiëfskakel i- en die onderwerp- en voorwerpskakels van meer selfstandige naamwoorde²⁾. Adjektiewe is die onderwerp van les XV³⁾, terwyl les XVI selfstandige naamwoorde met verskillende meervoude, besitlike voornaamwoordstamme, applikatiewe met -etša en -letša en verdere perfekta aanges⁴⁾.

Verkleinwoordvorming, verdere kousatiewe en die enumeratiewe stam -ohle is in les XVII vervat⁵⁾. "Bophelo bja Motho" is 'n verdere leesstuk⁶⁾, en les XIX dek die deelwoord, die be-verlede tyd, sa, die onpersoonlike konstruksie en die eerste en tweede persoonskakels as kopula⁷⁾.

Les XX behandel telwoorde tot tien en die kopula⁸⁾, terwyl direkte en indirekte voorwerp, vergelykings, die vorme altwee, aldrie, een-een en andere, sowel as die verdubbeling in les XXI voorkom⁹⁾.

In die daaropvolgende les word beskryf die afhanklike wyse, die ontkenning van die toekomstige tyd en die potensialis sowel as die uitdrukking van geslag¹⁰⁾.

Negatiewe met sa, bywoordelike telwoorde, telwyse ná tien, die gebruik van met wie, waarop, waarin en andere word in les XXIII omskrywe¹¹⁾.

/ 'n Leesstuk...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 37 - 38.
 2. Ibid., 39 - 41.
 3. Ibid., 42 - 43.
 4. Ibid., 44 - 46.
 5. Ibid., 47 - 49.
 6. Ibid., 50 - 51.
 7. Ibid., 51 - 53.
 8. Ibid., 54 - 56.
 9. Ibid., 57 - 59.
 10. Ibid., 60 - 61.
 11. Ibid., 62 - 64.

h Leesstuk, "Phukubje", volg¹⁾. Die ontkenning-vorm met se word in les XXV behandel, terwyl omskrywing met h voorwerp, ontkenning van adjektiewe en ontkenning van ander omskrywings onderafdelings is²⁾.

Samegestalde negatiewe (les XXVI), waarvan, van wie, wie se en andere vorm die hoofinhoud van hierdie les³⁾. Die ideofoon word gedek deur les XXVII⁴⁾. Die kopulatiewe demonstratief en meer werkwoordagtervoegsels sowel as die hle en enklitiese ge val ook onder hierdie les⁵⁾. Die volgende les handel oor voegwoorde⁶⁾, terwyl les XXIX handel oor hulpwerkwoorde, wat voortgesit word in les XXX⁷⁾. Dan volg h leesstuk, "Phukubje le Tšhwene le Phiri"⁸⁾.

h Lys vrae en sinne vir die gebruik van geregsdienaars, volgens die vraagwoord gerangskik, vorm die laaste les van hierdie taalleerboek⁹⁾. Die vertaling van hierdie les in sy geheel word net hierna gegee. Vanaf hierdie bladsye volg vertalings van die oefeninge wat voorheen gegee is¹⁰⁾. Drie leesstukke vorm die middelste gedeelte van die boek¹¹⁾. Die orige deel word gewy aan h woordelys, eers Sotho-Afrikaans en dan Afrikaans-Sotho¹²⁾.

3. Kritiese samevatting.

Uit wat voorafgegaan het, blyk dit dat die oes aan taalleerboeke in Noord-Sotho vir blankes maar betreklik skraal is.

/Die eerste...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 64 - 65.
 2. Ibid., 66 - 67.
 3. Ibid., 68 - 70.
 4. Ibid., 70 - 71.
 5. Ibid., 71 - 72.
 6. Ibid., 73 - 74.
 7. Ibid., 74 - 78.
 8. Ibid., 79 - 80.
 9. Ibid., 80 - 82.
 10. Ibid., 82 - 97.
 11. Ibid., 98 - 104.
 12. Ibid., 105 - 147.

Die eerste boekie, A Handbook of the Pedi-Transvaal Suto Language van Beyer, was uit die aard van die saak ongeskik vir gebruik in skole vir blankes, om verskeie redes:

- (a) Die ortografie was reeds verouderd toe Noord-Sotho in 1940 in Transvaalse skole ingevoer is;
- (b) die boekie was ook al uit druk en kon derhalwe nie meer verkry word nie, en
- (c) dit het ook nie voldoen aan die vereistes van 'n goeie taalleerboek nie, en daarby was dit baie skematies opgestel.

Nogtans vervul hierdie boekie 'n baie belangrike rol, aangesien dit die eerste taalleerboek in Noord-Sotho is wat in een van die twee offisiële tale geskrywe is. Dit het derhalwe baanbrekerswerk verrig op hierdie gebied.

Thellenyane, die boekie van G.H. Franz, is 'n verbetering op die eerste wat hier behandel is. Dit is verder ook in Afrikaans geskrywe, wat die behoefte laat deurskemer dat dit hoofsaaklik die plattelandse kind is wat 'n natuurlike taal baie nodig het.

Hoewel die boek menigvuldige voorbeelde en oefeninge bevat, kry mens nog die indruk dat die taal baie elementêr behandel is.

Die inhoud is ook nie wetenskaplik uiteengesit nie en voldoen daarom ook nie aan die vereistes van 'n goeie taalleerboek nie.

Dit is ook duidelik dat die boekie saamgestel is deur 'n kenner van Noord-Sotho, en juis die verduidelikings daarin vervat, moet stremmend op die nuweling inwerk.

Saam met 'n ander goeie taalleerboek gebruik, sou hierdie boekie van baie groot waarde kon wees.

/Die ...

Die Handleiding by die aanleer van Transvaal-Sotho (Endemann) is 'n boek van 'n geheel ander kaliber. Dit is 'n boek wat met vrug in ons skole gebruik kon word. Trouens, dit is ook die handboek wat in die meeste Transvaalse skole gebruik word waar blankes Noord-Sotho aanleer.

Dit is die eerste taalleerboek wat taamlik wetenskaplik saamgestel is. Dit bevat talryke oefeninge en uitmuntende voorbeelde. Die verduidelikings is uitvoerig en die druk is duidelik.

Die ortografie is intussen weer verander, wat hierdie boek dan, wat dit betref, verouderd maak en die gebruik daarvan, hoe goed dit ook al mag wees, ongewens in ons skole maak.

Uiteindelik kom ons dan by die Noord-Sotho-Leerboek van dr. Ziervogel.

Dit is die modernste en teweens vandag ook vir blankes die mees wetenskaplike taalleerboek in Noord-Sotho.

Die boek is in die jongste ortografie geskrywe, hoewel dit ook op plekke afwyk van die regte skryfwyse.

Dit bevat 'n oorvloed van voorbeelde en oefeninge, en die lesse is goed, hoewel nie heeltemal oordeelkundig opgestel nie. Die boek gee ook die indruk van 'n oormaat van leerstof in 'n minimum van lesse. Die lesse is ook baie kort en die leerstof te veel vir die les.

Nogtans, volgens die huidige standaarde, moet ons dit beskou as tot dusver die beste taalleerboek in Noord-Sotho vir blankes.

Dit is wel effens moeilik vir die beginner, maar vir die gevorderde student behoort dit van groot hulp te wees by die studie van dié taal.

Uit die vier taalleerboekies in Noord-Sotho vir blanke studente is daar dan slegs twee wat ons kan aanbeveel,

/en...

en selfs van hierdie twee moet een afgekeur word omdat dit in die verouderde skryfwyse opgestel is.

Daar bly dus net die Noord-Sotho-Leerboek van Ziervogel oor, waarby ons dan in die volgende hoofstuk in die besonder sal stilstaan.

o-o-o

H O O F S T U K I V

ALGEMENE ANALISE VAN ZIERVOGEL: NOORD-SOTHO-LEERBOEK.

1. Inleiding.

Die Noord-Sotho-taal het in die jongste tyd geweldig opgebloeï veral ten opsigte van sy letterkunde. Waar daar tien jaar gelede maar net 'n skrale versameling van literêre produkte was, kan die taal op die huidige tydstip al spog met 'n steeds-groeiende literatuur.

Daar is bepaald 'n aanvraag vir boeke in hierdie taal. Hoewel nie altyd van 'n goeie gehalte nie, verskyn sodanige boeke gereeld. Daar is 'n toenemende mate van belangstelling deur blankes in Noord-Sotho, veral nou dat die Transvaalse Onderwysdepartement dit aanbeveel het as vak in Transvaalse skole.

Die oes aan taalleerboeke in Noord-Sotho is tot dusver nie baie indrukwekkend nie. In die afgelope tien jaar tot 1951 het daar maar slegs twee boeke verskyn wat met vrug deur die studerende blanke gebruik kan word.

Verskeie korrespondensiekolleges het kursusse in Noord-Sotho aangebied. Weliswaar het die kolleges 'n groot taak verrig, maar nie alle studente kan 'n kursus bekostig nie, en die meeste studente het 'n dosent of 'n leermeester nodig wat die taal kan praat en beheer.

Gevolgtrek is 'n goeie taalleerboek onontbeerlik. Opmerklik is dit verder dat die jongste taalleerboeke in Afrikaans opgestel is. Dit is ook uitgewers soos J.L. van Schaik en Nasionale Pers Beperk wat hulle waag aan die uitgee van Noord-Sotho-boeke. Hieruit moet ons aflei dat die belangstelling vir Noord-Sotho hoofsaaklik van die

/Afrikaanssprekende...

Afrikaanssprekende afkomstig is. Die taalleerboeke van ander Sothotale, wat vir blankes bedoel is, is byna uitsluitlik Engelse boeke.

Die feit dat die meeste Noord-Sotho-taalleerboeke in Afrikaans opgestel is, moet in die tweede plek toegeskrywe word aan die werk van Duitse en Afrikaanse sendelinge onder hierdie volk. Name soos Schwellnus, Franz, Eiselen, Hoffmann, Endemann en andere is onafskeidbaar verbonde aan die opkoms van Noord-Sotho as 'n selfstandige taal.

Ook die feit dat daar voorsiening op ons Afrikaanse universiteite gemaak is vir die doseer van Noord-Sotho, het die noodsaaklikheid van 'n goeie Afrikaanse taal-leerboek in hierdie taal sterk beklemtoon.

Dit is teen 'n agtergrond soos hierdie dat die verskyning van dr. Ziervogel se taalleerboek gesien moet word. Dr. Ziervogel self is senior-dosent vir Bantoetale aan die Universiteit van Pretoria en is sekerlik iemand wat die behoeftes van die blanke student in hierdie opsig haarfyn ken. Hy is 'n kenner van die taal, en by die opstel van die boek is hy ook bygestaan deur Jan Phetla, die Sotho-proefhulp verbonde aan die Universiteit.

Die jaar 1949 het die verskyning belewe van die eerste wetenskaplike taal-leerboek vir blankes in Noord-Sotho.

2. NOORD-SOTHO-LEERBOEK.

Algemeen. Dr. Ziervogel se taalleerboek is in stewige papierband gebind in 'n gerieflike grootte. Die druk is duidelik en die woorde wat beklemtoon moet word, is in **vetdruk**.

Ortografie. Die boek is in sy geheel in die nuwe skryfwyse gedruk en is die eerste taalleerboek vir blankes in die jongste ortografie.

/ Inhoud...

Inhoud. Die boek bestaan uit twee-en-dertig hoofstukke wat deur die skrywer as lesse omskryf word. Daarbenewens is daar agt leesstukke van wisselende lengte, oefenings en vertalings by elke les, 'n woordelys Sotho-Afrikaans en Afrikaans-Sotho en ten slotte 'n register.

In die inleidende les¹⁾ behandel die skrywer die taal in die algemeen. Hier word bespreek die klanke, wat verdeel word in vokale, halfvokale en konsonante. 'n Fonetiese konsonantetabel word ook aangegee²⁾.

Die skrywer gee 'n belangrike verduideliking onder die opskrif "Die Noord-Sothowoord", waarin hy uiteensit dat die Noord-Sotho-woord bestaan uit 'n woordwortel met voor- en agtervoegsels³⁾. Oor beide klem en intonasie gee die skrywer genoeg inligting met passende voorbeelde toegelig⁴⁾.

Om 'n algemene ontleding van die leerstof verder in die boek beter te kan weergee sal die inhoud gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde behandel word:

- (a) Grammatika van Sepedi, met voorbeelde;
- (b) oefenings oor die leerstof,
- (c) leesstukke en
- (d) woordelys en register.

Die leerstof onder die verskillende hoofde hierbo sal afsonderlik behandel word soos dit deur die lesse van die taalleerboek geweef is.

(a) Grammatika van Sepedi, met voorbeelde.

(1) Die selfstandige naamwoord.

In die inleidende les beklemtoon die skrywer die feit dat daar in Noord-Sotho sekere naamwoordklasse bestaan

/en dat...

- 1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 1 - 5.
- 2. Ibid., 4.
- 3. Ibid., 5.
- 4. Idem.

en dat die klas aangedui word deur die klasprefiks. Hy toon dan ook hoe die meervoud in Noord-Sotho gevorm word¹⁾. Daar word voorbeelde vir die toeligting van elke klas gegee.

Alvorens daar oorgegaan word tot die uiteensetting van die leerstof, beklemtoon die skrywer die gebruik van die sg. skakel. Dit staan in noue verband met die selfstandige naamwoord en is afgelei van die klasvoorvoegsel. Die funksie daarvan is om die selfstandige naamwoord aan die res van die sin te skakel²⁾. Die skrywer beweer dat daar skakels vir die volgende gevalle is: die onderwerp, die voorwerp, die besitting, die adjektief, die omskrywing van werkwoorde, die enumeratief en die refleksief³⁾. 'n Gedetailleerde tabel word aangegee, wat vir alle naamwoordklasse die skakels uiteensit⁴⁾.

In les I word behandel die mensklas of persoonsklas met voorbeelde, waarvan daar altesaam agt gegee word⁵⁾. Verwantskapsterme en eiename (wat nie die enkelvoudsprefiks het nie maar wel die meervoudsprefiks bo-, soos tate-bontate) val ook onder hierdie groep, waarvan daar sewe voorbeelde gegee word⁶⁾. Verder word hier die infinitiefklas behandel (klasvoorvoegsel go en geen meervoudsprefiks nie). Daar is vyf voorbeelde⁷⁾.

Die persoonsklas (mo - ba) word vervolg in les II. Hier word dan behandel (a) deverbatiwe (modiri - badiri); (b) deverbatiwe afkomstig van werkwoorde met die slotlettergreep -la, wat verander na -di; (c) die klankreël mo - b > mm, wat van toepassing is by nomina waarvan die stam oorspronklik met b begin, bv. mmuši < mobuši; (d) die reël mo - a > ngwa

/by...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 7.

2. Ibid., 8.

3. Idem.

4. Ibid., 8 - 9.

5. Ibid., 10.

6. Idem.

7. Idem.

by bv. ngwana < moana¹⁾. Altesaam dertien verskillende voorbeelde word in die afsonderlike afdelings gegee.

Die mo - me-naamwoordklas volg in les III, tesame met deverbatiwe wat aan hierdie klas behoort, asook selfstandige naamwoorde waarop die mo - f > mph en die mo - a > ngwa van toepassing is. Negentien voorbeelde word hier verstrekk²⁾.

In les V kom die naamwoordklas le - ma aan die beurt. Dit is die klas waar die prefiks le soms weggelaat word, soos in (le)lapa - malapa. Nog elf ander voorbeelde word aangegee³⁾. Hierby behandel die skrywer ook nog woorde, veral dié wat vloeistowwe aandui, en wat geen enkelvoud hét nie, bv. mare, maatla en andere. Tien sodaniges word aangegee⁴⁾.

Elf voorbeelde van die werktuigklas (se - di) word in die sewende les behandel⁵⁾.

Die dierklas (n-klas) word volledig met agttien voorbeelde in die agtste les behandel⁶⁾, terwyl die deverbatiwe van hierdie klas h plek vind in les IX, ook met agttien voorbeelde⁷⁾.

Les X bevat die bo - ma-klas, d.w.s. die klas van abstrakte selfstandige naamwoorde. Twintig van hulle word as voorbeelde aangegee⁸⁾.

Die lokatiefklasse (fa-, go- en mo-) word, met ses voorbeelde, bespreek in les XI⁹⁾. Selfstandige naamwoorde (van alle klasse) met verskillende meervoude word in die

/sestiende...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 12 - 13.
 2. Ibid., 14 - 15.
 3. Ibid., 19.
 4. Idem.
 5. Ibid., 22 - 23.
 6. Ibid., 25.
 7. Ibid., 27 - 28.
 8. Ibid., 30.
 9. Ibid., 33

sestiende les behandel. Ook hier gee die skrywer ses voorbeelde¹⁾.

Vervolgens behandel die skrywer die vorming van verkleinwoorde in die volgende les: (a) van die agtervoegsel -ana: taba - tabana (drie voorbeelde); (b) van die slotvokaal -o wat verander na w wanneer -ana bygevoeg word (twee voorbeelde); (c) van woorde op e of i, waarvan die slotvokaal wegval indien -ana bygevoeg word (drie voorbeelde); (d) van woorde waarvan die slotvokaal e verander na y as dit voorafgegaan word deur 'n ander vokaal en -ana bygevoeg word (een voorbeeld); (e) van woorde waarin die slotvokaal 'n m, p, f, b, r, d of l gevolg word deur een van die klinkers e, i, o en u, wat met die toevoeging van -ana sekere klankveranderings ondergaan. Tien voorbeelde word verstrek, terwyl die suffiks -nyana ook kortliks deur middel van vyf voorbeelde bespreek word. Enkele onreëlmatige vorms word ook aangedui²⁾.

Die uitdrukking van geslag word in die twee-en-twintigste les behandel. Geslag word aangedui deur aparte woorde. Hier maak die skrywer gebruik van tien voorbeelde, terwyl hy ook aandag wy aan kleurname van beeste (vier voorbeelde)³⁾.

Op 'n kort verduideliking van die posisie van die nomen in die sin ná les IV⁴⁾, handel dit daarmee die formele grammatika oor die selfstandige naamwoord af.

/2. Die voornaamwoord...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 44.

2. Ibid., 47 - 48.

3. Ibid., 61.

4. Ibid., 17.

(ii) Die voornaamwoord.

Die skrywer meld in die inleidende les dat daar vir elke klas 'n absolute voornaamwoord bestaan, 'n demonstratief, 'n besitlike stam van die voornaamwoord en 'n kopulatiewe demonstratief¹⁾. Hierdie voornaamwoorde is ook afgelei van die prefiks van die selfstandige naamwoord (die klasprefiks). In 'n omvattende tabel gee die skrywer dan die verskillende voornaamwoorde²⁾.

Die absolute voornaamwoord word as sodanig beskrywe in die agtste les, waar die skrywer meld dat dit (a) in die posisie van die ooreenstemmende selfstandige naamwoord staan en dat dit dien om die klem te lê en herhaling van die selfstandige naamwoord te vermy; (b) met die bindelement -na gebruik word, bv. naye, nabo en andere. 'n Halfdosyn sinnetjies dien hier om die absolute voornaamwoord te illustreer³⁾.

In les VII verduidelik die skrywer die funksie van die demonstratief, wat hoofsaaklik drie afstande met betrekking tot die spreker uitdruk: hier, daar en dáár. Verder word uiteengesit dat demonstratief I ("hier") afgelei word van die onderwerpskakel deur dit met klem uit te spreek; vir II ("daar") word o aan I gevoeg en vir III ("dáár") word -la aan I gevoeg. 'n Kort tabel gee die demonstratiewe aan⁴⁾. Verder word ook die funksie van die suffikse -khwe en -no aangedui, bv. eersgenoemde dui "die onmiddellike omgewing van die spreker aan", terwyl laasgenoemde "teenaan die spreker" beteken. 'n Viertal sinne dien as illustrasie⁵⁾.

Die bespreking van die voornaamwoord word voortgesit in die sestiende les, wat handel oor die besitlike voornaamwoord. Dit staan in die plek van die selfstandige naamwoord as besitter. Vier voorbeelde in sinne word aan-gegee. Ook die besitlike voornaamwoordstamme wat 'n verwante

/groep...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 9.

2. Idem.

3. Ibid., 23.

4. Idem.

5. Idem.

groep aandui, word hier aangegee (sewe voorbeelde)¹⁾. Verwantskapsterme maak ook dikwels gebruik van 'n verkorte vorm van die besittlike voornaamwoordstam (ses voorbeelde)²⁾.

Plekaanduidende relatiewe voornaamwoorde, soos waarop, waarin, waarmee, word in les XXIII beskrywe (sewe voorbeelde)³⁾. Waarvan, van wie en andere word beskrywe in les XXVI (ses voorbeelde)⁴⁾. Laastens, dan die kopulatiewe demonstratief, wat in die volgende les beskrywe word. Hierdie demonstratief druk uit hier is, daar is, dáár is en het ook drie distansies met betrekking tot die spreker. Voorbeelde van elke klas word verstrek in sinne wat aandui dat die kopulatiewe demonstratief gewoonlik volg op die selfstandige naamwoord waarop hy betrekking het.

(iii) Die werkwoord: sy tye en vorme.

Infinitiese werkwoorde word reeds deur die skrywer in die eerste les omskrywe. Hier word ook behandel die werkwoord saam met die onderwerpskakel, sowel as die kopula, wat die positief uitdruk en ook sy negatief. Negentien voorbeelde word altesame onder verskillende hoofde behandel⁵⁾.

Die teenwoordige tyd (les II) word met voorbeelde uiteengesit en die a wat gewoonlik ná die onderwerpskakel verskyn, verklaar (vyf voorbeelde)⁶⁾.

Met slegs twee voorbeelde word die toekomstige tyd ook in hierdie les behandel⁷⁾. Die belangrikste deel van die werkwoord, sy perfektum, word beskrywe in les III, waar die werkwoordagtervoegsel -ile met ses voorbeelde en drie sinne toegelig word⁸⁾.

/Die perfektum...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 45.

2. Idem.

3. Ibid., 63 - 64.

4. Ibid., 69 - 70.

5. Ibid., 10 - 11.

6. Ibid., 13.

7. Idem.

8. Ibid., 15.

Die perfektum van verskillende soorte werkwoorde kom nou aan die beurt. Die eerste is dié wat eindig op -la (les IV). Hoe die klankreël li - di in werking tree, word hier met vier voorbeelde toegelig¹⁾. Die perfektum met -tšē en -ntšē word in les VII verduidelik en tien voorbeelde gegee, terwyl daar van elk een in 'n sin gebruik word²⁾. Die perfektum met -itšē en -ditšē word in les VIII beskryf en dertien voorbeelde verstrekk³⁾. Les IX beskryf onder andere die perfektum met -ne en -me, en elf voorbeelde sowel as twee sinne word gegee⁴⁾. Ander perfekta word in die sestiende les behandel⁵⁾. Kontaktiewe soos dié wat op -ara eindig, word ook behandel en vier voorbeelde genoem⁶⁾. Van werkwoorde wat op -ala eindig en -etšē in die perfektum neem, gee hy vier voorbeelde⁷⁾.

Ander verlede tydsvorme is (a) die verhalende vorm of die a-verlede tyd, waar die verlede tyds-a aan die onderwerpskakel gevoeg word (voorbeelde van elke klas word verstrekk, sowel as twee sinne)⁸⁾; (b) die be-verlede tyd, wat aandui dat 'n handeling in die verlede aan die gang was (vier voorbeelde)⁹⁾.

Hulpwerkwoorde (lesse XXIX en XXX) word beskrywe in hulle verskillende afdelings, bv. hulpwerkwoorde gevolg deur die infinitief¹⁰⁾, hulpwerkwoorde gevolg deur die deelwoordmodus¹¹⁾ en hulpwerkwoorde gevolg deur die afhanklike modus¹²⁾. Sowat vyf-en-twintig voorbeelde, sommige in sinne, word hier aangegee¹³⁾. Les XXX word gewy aan

/ die...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 18.
 2. Ibid., 23 - 24.
 3. Ibid., 26.
 4. Ibid., 28 - 29.
 5. Ibid., 46.
 6. Idem.
 7. Idem.
 8. Ibid., 31.
 9. Ibid., 52.
 10. Ibid., 75 - 76.
 11. Ibid., 76.
 12. Ibid., 76 - 77.
 13. Ibid., 75 - 77.

die hulpwerkwoord ba, wat deur die skrywer beskryf word as 'n tydvormende werkwoord. Hier is veertien goeie voorbeelde in sinne, terwyl ba (ook as be en bile) vyftien voorbeelde het¹⁾.

Die lokatief word in les V behandel. Die plek-aanduidende funksie van die lokatief word deur die skrywer op tweeërlei wyse gedemonstreer deur (a) selfstandige naamwoorde wat die lokatief neem, en (b) diegene wat dit nie het nie²⁾. Die bindelement ka en die bywoord kwa word ook in hierdie verband beskryf. Altesaam is daar agttien voorbeelde. In les XI word die lokatiefklasse behandel, waarby ook ongeveer dertig voorbeelde gegee word³⁾.

Die werk oor die werkwoord word voorts deur die behandeling van agtervoegsels soos volg verder gevoer: Les VI bevat die resiproke werkwoordagtervoegsel -ana, wat die Afrikaanse mekaar uitdruk. Hier word vyf voorbeelde verstrekk⁴⁾. Die werkwoordagtervoegsel -ela word in les VIII behandel. Sewe voorbeelde van hierdie applikatiewe agtervoegsel word gegee⁵⁾. Die kousatiewe agtervoegsel -iša word in die tiende les behandel (12 voorbeelde)⁶⁾.

Applikatiewe met -etša en -letša word behandel in les XVI (dertien voorbeelde)⁷⁾, terwyl verdere kousatiewe -ntšha, -nya, -diša, -tša en -ša met veertien voorbeelde bespreek word in les XVII⁸⁾.

Meer werkwoordagtervoegsels word behandel in les XXVII - tien altesame: die neutro-passief -ega, die neutro-aktief -ala, die denominatief -fala, die inversief-transitiewe -ola, -olla en -olola en die habituatief -ka (agttien voorbeelde)⁹⁾.

/ Die ...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 78.

2. Ibid., 7.

3. Ibid., 32 - 34.

4. Ibid., 24.

5. Ibid., 25.

6. Ibid., 31 - 32.

7. Ibid., 45 - 46.

8. Ibid., 48.

9. Ibid., 71 - 72.

Die bevelsvorm van die werkwoord word behandel in les IV. Twaalf voorbeelde verduidelik die verskillende wyses waarop die bevelsvorm gebruik kan word¹⁾. Die ontkenningsvorm word bespreek in les IX²⁾ en die ontkenning in die perfektum (vyf voorbeelde) in les XI³⁾, terwyl die ontkenning van die toekomstige tyd sowel as die potensialis in die twee-en-twintigste les vervat is, tesame met sewe voorbeelde⁴⁾.

Negatiewe met sa by die infinitief, by die deelwoordmodus en by die omskrywing van werkwoorde word beskryf in les XXIII, toegelig met sewe voorbeelde⁵⁾. Die ontkenningsvormelement se by die imperatief, die afhanklike wyse en die verlede tyd van die deelwoord kom in les XXV aan die beurt, en ses voorbeelde word aangegee⁶⁾.

Saamgestelde negatiewe vorm die hoofinhoud van les XXVI. Hier word veral beklemtoon die rol van die a-verlede tyd, en vyftien voorbeelde word aangegee⁷⁾.

Die passief word behandel in les XIII, waar die passiewe van een- en tweelettergrepige werkwoordstamme met slotsillabe -pa, -ba, -fa en -ma, tesame met die onreëlmatiges, bespreek word (ses voorbeelde)⁸⁾. Ook word die passiewe en perfektumstamme (vyf voorbeelde) en die passiewe van werkwoorde (ses voorbeelde)⁹⁾ behandel.

Die potensialis met drie voorbeelde kom in les XIII voor¹⁰⁾, terwyl die omskrywing in die potensialis (die sg. relatiewe konstruksie) in les XXII behandel word met ses voorbeelde¹¹⁾.

/Die afhanklike...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 17.
 2. Ibid., 29.
 3. Ibid., 35.
 4. Ibid., 60.
 5. Ibid., 62.
 6. Ibid., 65 - 66.
 7. Ibid., 68 - 69.
 8. Ibid., 37 - 38.
 9. Ibid., 38.
 10. Idem.
 11. Ibid., 60 - 61.

Die afhanklike of konjunktiewe wyse ná die voegwoord gore word in les XXII behandel (vier voorbeelde)¹⁾. Die deelwoord of situatiewe modus in die positief word hoofsaaklik in toon geskei deur die indikatiewe wys. Hierdie werkwoordvorm word behandel in les XIX, en die skrywer gee vier gevalle waarin die deelwoord voorkom: by handeling wat gelyktydig plaasvind, ná voegwoorde, ná sekere hulpwerkwoorde en by die omskrywing met werkwoorde (sewe voorbeelde)²⁾.

Die kopula (les XX) word beskryf in vyf belangrike gevalle: indikatief ke (ses voorbeelde), die deelwoord: die kopula by die deelwoord is e le in al die klasse, omskrywing deur e le go, sa le en saam met na druk le het uit (28 voorbeelde)³⁾. In elke geval word ook voorbeelde van die ontkenningsvorm verstrek. Daar is ook minstens vyf voorbeelde van die onpersoonlike konstruksie in les XIX⁴⁾.

Die hle en enklitiese ge kom voor in les XXVII, waarby vyf voorbeelde aangegee word⁵⁾. Verdubbeling van werkwoorde, bv. bitša-bitša, met vyf voorbeelde, word in les XXI gevind⁶⁾. Die omskrywing met werkwoorde word in les VIII verduidelik, en vyf voorbeelde word verstrek⁷⁾. Les XIV handel onder andere ook oor die refleksiefskakel i. Dit druk gewoonlik sigself, jouself ens. uit⁸⁾.

Met bostaande verwysings kan die opmerkinge oor die werkwoord afgesluit word.

(iv) Die bywoord. Ziervogel beweer dat afgeleide bywoorde gewoonlik gekenmerk word deur die voorvoegsel ga-. Hy meld ook verder dat ander voegwoorde eintlik selfstandige naamwoorde is, bv. lehono⁹⁾. Tien voorbeelde word gegee, drie /waarvan...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 60.

2. Ibid., 51 - 52.

3. Ibid., 55 - 56.

4. Ibid., 52 - 53.

5. Ibid., 72.

6. Ibid., 59.

7. Ibid., 26.

8. Ibid., 39.

9. Ibid., 14.

waarvan in sinne gebruik word (les II). Bywoorde van plek word ook uitgedruk deur die lokatiewe nomina (les XI); bv. fase (elf voorbeelde)¹⁾.

(v) Byvoeglike naamwoorde. Die skrywer verdeel die adjektiewe in drie groepe (les XV): adjektiefstamme wat aangewend word om die selfstandige naamwoord te omskryf (29 voorbeelde)²⁾, adjektiewe wat 'n klankverharding ondergaan wanneer selfstandige naamwoorde van die se - di-klas omskrywe word (22 voorbeelde)³⁾, en die kopulatiewe ke word voor die adjektiewe konstruksie gebruik wanneer die byvoeglike naamwoord predikatief gebruik word (twee voorbeelde)⁴⁾.

Volgens die skrywer in les XXI aantoon, bestaan daar nie trappe van vergelyking soos ons dit in Afrikaans ken nie. Vergelykings word uitgedruk deur die gebruik van werkwoorde soos fetiša, waarvan twee voorbeelde verstrekkend word⁵⁾.

Ziervogel meld ook dat die gebruik van woorde soos altwee, aldrie en andere in Noord-Sotho soos volg is: die adjektiefstam met sy skakel, voorafgegaan deur ka (ses voorbeelde)⁶⁾. Woorde soos een-een word uitgedruk deur die adjektief met sy skakel, voorafgegaan deur ka, tweemaal te herhaal (twee voorbeelde)⁷⁾. Elkeen word uitgedruk met die adjektiefstam -ngwe, wat 'n selfstandige naamwoord omskryf en weer ná le soos volg herhaal word: mosadi yo mongwe le yo mongwe (elke vrou). Hier word twee voorbeelde gegee⁸⁾.

Verdubbeling van adjektiefstamme dui volgens Ziervogel, gewoonlik intensivering aan, bv. motho yo mogologolo (baie groot persoon)⁹⁾. In les XXV word die negering van

/die...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 33 - 34.

2. Ibid., 42.

3. Ibid., 42 - 43.

4. Ibid., 43.

5. Idem.

6. Ibid., 58.

7. Idem.

8. Ibid., 58 - 59.

9. Ibid., 59.

die adjektief-konstruksie beskryf, waarby drie voorbeelde gegee word¹⁾.

(vi) Voorsetsels. Volgens die skrywer word bywoorde van plek in Noord-Sotho gewoonlik as voorsetsels gebruik, maar dan word hulle gevolg deur die besitskakel van die lokatiefklas, nl. ga (sestien voorbeelde)²⁾. Suiwer voorsetsels soos ga, go, ka en le word nie as sodanig behandel nie.

(vii) Voegwoorde. Die skrywer wy die hele les XXVIII aan voegwoorde. Volgens hom is die meeste voegwoorde afgelei van werkwoorde, selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde (dertig voorbeelde en twaalf sinne)³⁾.

(viii) Telwoorde. Les XX handel onder andere oor die telwoord. Die skrywer onderskei hulle in drie groepe: hooftelwoorde (veertien voorbeelde)⁴⁾, rangtelwoorde (vyftien voorbeelde)⁵⁾ en die onverbonde telwoord, wat gebruik word wanneer dit wat getel word, nie by name genoem word nie (twaalf voorbeelde)⁶⁾. Die bywoordvormende ga kom volgens Ziervogel deurgaans voor by bywoordelike telwoorde. Daar is sewe voorbeelde hiervan in les XXIII⁷⁾. Sestien voorbeelde van die telwyse ná tien word ook hier verstrek⁸⁾.

(ix) Die klankbeeld (ideofoon). Ziervogel bespreek hierdie verskynsel in les XXVII. Die beskrywing van 'n gesegde met betrekking tot sintuiglike waarneming (geur, kleur, klank ens.) geskied volgens Ziervogel deur klankbeelde, wat gewoonlik deur die werkwoord re voorafgegaan word. Daar word ses voorbeelde verstrek⁹⁾.

/(x) Algemeen...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 67.
 2. Ibid., 58 - 59.
 3. Ibid., 73 - 74.
 4. Ibid., 54.
 5. Idem.
 6. Ibid., 55.
 7. Ibid., 62.
 8. Ibid., 63.
 9. Ibid., 70 - 71.

(x) Algemeen. Kortliks word nou hieronder die oorblywende gedeeltes van die grammatika genoem wat deur die skrywer behandel is:

Die aanspreekvorm (les I), bv. Morena! (ses voorbeelde)¹⁾; die vraag en vraagwoord (les III), bv. naa? na? eng? neng? bjang? kae? (elf voorbeelde)²⁾; bindelemente (les V), bv. ka, le, na le (elf voorbeelde)³⁾; die enumeratiewe stam, ohle (alles, almal, hele) word in les XVII verduidelik; dit wend, volgens die skrywer, ook sy eie skakels aan (vyftien voorbeelde)⁴⁾; twee voorwerpe (les XXI), in verband waarmee verduidelik word hoedat 'n direkte en indirekte voorwerp in Noord-Sotho uitgedruk word⁵⁾.

Hiermee word dan die grammatika-deel van die leerboek afgehandel.

(b) Oefeninge oor die leerstof.

By elke les word eerstens 'n oefening gegee in vertaling uit Afrikaans in Noord-Sotho en tweedens 'n vertaling uit Noord-Sotho in Afrikaans. Sulke oefeninge verskyn by elke les⁶⁾. Dit is gebaseer op die voorafgaande stof. Die vertalings van hierdie oefeninge word ook verskaf, waardeur studente hulle werk kan kontroleer⁷⁾. Daar is altesaam ses-en-twintig stukke vertaling uit Noord-Sotho in Afrikaans, wat gewoonlik om en by 'n honderd woorde bevat, asook vyf-en-twintig stukke uit Afrikaans in Noord-Sotho van ongeveer dieselfde lengte. Aan die einde van les XI is daar 'n herhalingsoefening⁸⁾, tweekeer so lank soos die gewone, wat bestaan uit voorbeelde van die leerstof wat tot op daardie tydstip behandel is. 'n Aantal spreekwoorde word ook

/ hier...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 12.

2. Ibid., 18.

3. Ibid., 19 - 20.

4. Ibid., 49.

5. Ibid., 57.

6. Ibid., 12 - 79.

7. Ibid., 85 - 97.

8. Ibid., 35 - 36.

hier vertaal¹⁾.

h Besondere gedeelte van die leerboek is les XXXII, omdat dit h lys vrae vir die gebruik van geregsdienaars bevat²⁾. Die vrae is gerangskik volgens die vraagwoorde waar? waarom? waarmee? wanneer? wat? hoeveel? hoe? watter? en wie?. Vanaf vraag 51 gee die skrywer sinne³⁾ soos bv.: "Ek kla jou aan", "Jy is dronk..." ens. Die vertaling van die hele oefening volg onmiddellik hierop⁴⁾. Vanselfsprekend is die vertaal oefeninge in die leerboek van maklik na moeilik gradeer. By na elke woord van die oefeninge is eers vooraf in die lesse behandel.

(c) Leesstukke.

Daar is altesame agt leesstukke, naamlik "Mo Motseng"⁵⁾, wat uit eenvoudige sinne saamgestel is en maklik verstaanbaar is; "Bašimane le Basetsana"⁶⁾, wat eweneens eenvoudig is; "Bophelo bja Motho"⁷⁾, wat effens moeiliker is as die vorige twee en ook langer; "Phukubje"⁸⁾, ook meer ingewikkeld as die voriges maar tewens baie interessant; "Phukubje le Tšhwene le Phiri"⁹⁾, van ongeveer dieselfde lengte as die voriges en van dieselfde gehalte.

Die eerste moeiliker leesstuk is "Bogale bja Marangrang"¹⁰⁾, wat byna twee keer so lank as die voriges is. Dit word gevolg deur "Motantasane"¹¹⁾, effens korter maar waarvan die leerstof reeds taamlik gevorderd is. Die laaste leesstuk (ongeveer van dieselfde lengte as die vorige) is "Tau ge e babja"¹²⁾, van ongeveer dieselfde gevorderde ge-

/-halte...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 88, 90, 91, 93, 94.
 2. Ibid., 80 - 84.
 3. Ibid., 81 - 82.
 4. Ibid., 82 - 84.
 5. Ibid., 21 - 22.
 6. Ibid., 36 - 37.
 7. Ibid., 50 - 51.
 8. Ibid., 64 - 65.
 9. Ibid., 79 - 80.
 10. Ibid., 98 - 101.
 11. Ibid., 101 - 102.
 12. Ibid., 103 - 104.

-halte as die vorige twee. Van hierdie leesstukke is daar geen vertalings in die boek nie.

(d) Woordelys en register.

Die taalleerboek het n Afrikaans-Sothowoordelys van oor die 1300 woorde¹⁾, wat nuttig te pas kom vir die student wat woorde wil naslaan. Dit is verblydend dat daar n Sotho-Afrikaanse woordelys is van oor die 1400 woorde²⁾. Die register of "indeks" vul die woordelys aan³⁾.

3. Beskouing.

Die skrywer van hierdie taalleerboek sê in sy voorwoord "dat die handleiding daarna streef om die materiaal vir n basiese kennis van Noord-Sotho gesistematiseerd aan te bied"⁴⁾.

In n groot mate is hierin geslaag, en soos reeds hierbo beweer is, is dit die eerste wetenskaplike taalleerboek in Noord-Sotho. Dit is n groot aanwinst vir ons skole en meer in die besonder, vir ons universiteite.

Die skrywer slaag in n groot mate daarin om die taal duidelik aan te bied. Na aanvanklike verduidelikings ten opsigte van spesifieke afdelings van die taal gaan hy oor tot die vertalings van toepassings van die leerstof.

Les I handel oor

- (a) persoons- of mensklas van naamwoorde en die subklas van verwantskapsterme;
- (b) die infinitiefklas (die klasprefiks go);
- (c) die onderwerpskakel;
- (d) die kopula en
- (e) die aanspreekvorm.

In n bondige twee bladsye gee hy n verkorte oorsig van al hierdie taalverskynsels, en daarna gaan hy oor tot vertaal oefeninge oor die leerstof.

/ Vir die ...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 127 - 142.
 2. Ibid., 105 - 126.
 3. Ibid., 143 - 147.
 4. Ibid., xvi.

Vir die beginner moet die taak effens oorweldigend wees, en met beginner word hier bedoel die hoërskoolleerling in standerd 7. Vir die blanke seun of dogter vir wie die taal heeltemal vreemd is, moet by hierdie eerste les alreeds 'n element van frustrasie posvat, want die leerstof, hoewel duidelik aangebied, is myns insiens te veel om dadelik geabsorbeer te word.

Is die les bedoel om trapsgewys behandel te word, veral oor 'n tydperk, dan mis hy ook sy doel. Dit is beter om aan die leerling 'n afgeronde geheel te bied van stof wat hy geredelik kan opneem.

Die skrywer kon meer voorbeelde van die mo - ba-klas verstrek het en meer voorbeelde van die woorde in frases of sinnetjies verwerk het, bv.:

"Moruti o ruta bana",

"Morena o na le mohlanka",

"Mosadi le monna",

"Monna o na le mosadi" ens.

Vir die meer gevorderde student is die taalleerboekie puik, want dit veronderstel myns insiens 'n elementêre kennis van die naturelletaal.

Die skrywer volg in die breë algemene rigting die indeling van die taal soos dit reeds vantevore gedoen is.. Hy behandel die verskillende klasse selfstandige naamwoorde in afsonderlike lesse en gee dan daarmee bykomende dele van die taal, soos gedeeltes van die werkwoordelike tye, bywoorde, skakels en andere. Soiets kan nie anders as verwarrend vir die beginner wees nie.

Verder moet die gebruik van benaminge soos perfektum vir voltooid verlede tyd, nomen vir selfstandige naamwoord, adjektief vir byvoeglike naamwoord afgekeur word in 'n taalleerboek van 'n taal wat reeds wemel van sulke vreemde

/ terme...

terme soos naamwoordklas, voorwerpskakelwoord, potensialis, lokatiefprefiks, kohortatief en andere.

Dit is nie duidelik of die skrywer daarin slaag om by die beginner 'n lus vir die taal op te wek nie. Baie eenvoudiger oefeninge waarin die student slegs 'n woord (of woorde) in 'n sin invul, sou al baie daartoe bydra om die studie interessanter te maak. Myns insiens moet die student aangemoedig word om 'n nuwe taal te leer. Om net vertaal-oefeninge te doen moet stremmend op die student inwerk. Vir die gevorderde persoon is dit natuurlik voldoende.

Die opmerkings hierbo gemaak, is van toepassing op elkeen van die lesse (dertig altesaam) van die taalleerboek, hoewel dit veronderstel word dat die student teen die einde van die reeks al taamlik gevorderd moet wees.

Die vertalings in en uit die taal is as sodanig besonder gepas, aangesien dit gebaseer is op die behandelde leerstof. In die latere stukke is daar ook voldoende herhaling van werk wat voorheen gedoen is.

Die leesstukke is goed en oordeelkundig opgestel. Hulle word ook algaande moeiliker. Deur die woordelys en die aangehegte register te gebruik sal die student sekere moeilike woorde kan naslaan.

Die woordelys Afrikaans-Sotho is die langste wat nog in 'n taalleerboek vir Noord-Sotho verskyn het. Die skrywer gee 'n totaal van oor die 1300 woorde in Afrikaans, waarvan hy die betekenis in Noord-Sotho aangee. Die aanwezigheid van 'n Noord-Sotho-Afrikaanse woordelys in die boek is een van die groot verdienstes van hierdie taalleerboek. Veral by vertalings en by die leesstukke is hierdie woordelyste onmisbaar. Dit is jammer dat daar soms foute begaan word, soos dié op bladsy 138, waar kgwale in plaas

/van...

van kgaka as die betekenis van tarentaal aangegee word. Dit verminder egter nie die waarde van die boek noemenswaardig nie.

Hoewel die skrywer hom aanvanklik by die nuwe ortografie bepaal, word dit algaande duideliker dat selfs hy die gemis voel wanneer hy byvoorbeeld met die vokale ê en ô te doen kry. Trouens, in 'n voetnoot sê hy dat hy die ou skryfwyse ook nog in aanmerking neem.

Die skrywer kan nie geblameer word vir hierdie tekortkoming in die nuwe skryfwyse nie. Die vokale ê en ô word in die nuwe ortografie nie meer met die kappie (^) geskrywe nie, wat myns insiens heeltemal verkeerd is, want slegs die gebore Mopedi of 'n blanke wat die taal terdeë magtig is, sal presies weet hoe om die geskrewe woord uit te spreek. Wanneer die kappie gebruik word, vereenvoudig dit die studie van die taal aansienlik. Die weglating van die kappie kan net verwarring veroorsaak, veral in woorde wat dieselfde spelling maar verskillende uitsprake het, bv. lema. Hierdie woord het twee uitsprake: (i) lema: om te pik of te ploeg, (ii) lêma: weglêhorings hê. Sonder die kappie sal die blanke dit moeilik vind om die woord se juiste uitspraak te gee. Dit is ook die geval met lerole. Soos dit hier staan, beteken die woord stof of stofdampe. Skryf ons dit met kappies, lerôlê, dan beteken dit kalf. Die onvoorwaardelike weglating van die kappie (^) is blykens hierdie voorbeelde 'n groot fout. Daar is baie sulke woorde in Noord-Sotho, afgesien van waar dit suiwer gaan om uitspraak, soos bv. bona en monna. Is die uitspraak bôna, mônna of wat? Die uitspraak van 'n woord word immers in 'n groot mate bepaal deur die beeld wat die oog tref, soos in die

/Afrikaanse...

Afrikaanse se en sê.

In die algemeen gesproke sou ek wil beweer dat hierdie boek, wat inhoud betref, die beste is wat ons tot op hierdie tydstip in Noord-Sotho besit, maar dan moet dit slegs gebruik word vir klasse hoër as standerd 8.

Die tekortkominge wat hierbo genoem is, doen nie af aan die waarde van die boek as taalleerboek nie. Dit vorm 'n goeie geheel, en die taal is oor die algemeen goed versorg.

o-o-o

/HOOFSTUK V ...

H O O F S T U K V

TOETSING VAN NOORD-SOTHO-LEERBOEK AAN DIE TAALKUNDE, DIE LEERPLAN EN AAN DIE VRAESTELLE.

1. Inleiding.

In die vorige hoofstuk is stilgestaan by 'n algemene ontleding van die boek wat as die geskikste taalleerboek vir blankes in Noord-Sotho beskryf is, t.w. Noord-Sotho-Leerboek van Ziervogel.

Wat in die bladsye hierna volg, is 'n poging om hierdie boek te toets aan sekere fundamentele vereistes waaraan 'n goeie taalleerboek in enige taal behoort te voldoen.

Die vereistes wat hier gestel sal word, is dié van die taalkunde, die leerplanne en die eksamenvraestelle, in dieselfde volgorde.

2. Die taalkunde.

(a) Ontwikkeling van die Bantoetaalkunde.

Wanneer hierdie taalboek getoets moet word aan die taalkunde, ontstaan daar meteens die probleem van 'n geskikte norm. Boeke oor die taalkunde van die Bantoetale is weinig in getal.

'n Boek wat as die eerste toonaangewende werk oor die Bantoetale beskou kan word, is die werk van Brusciotto¹⁾. Hy is die eerste persoon wat die alliteratiewe skakelstelsel by die verskillende naamwoordklasse ontdek het. Hierdie boek is in Latyn geskrywe en is slegs in sekere oorsese

/biblioteke ...

1. Brusciotto: REGULAE QUAEDAM PRO DIFFICILLIMI CONGENSIUM
IDIOMATIS FACILIORI CAPTU, AD GRAMMATICAE
NORMAM REDACTAE (Rome, 1659).

biblioteke verkrybaar. Cust¹⁾ meld van Brusciotto se boek: "...he remarks the use of prefixes and he classes the nouns".

Die eerste vergelykende boek oor die Bantoetaalkunde wat die lig gesien het, was die werk van Bleek²⁾, 'n hoogstegniese boek, hoofsaaklik in die fonetiese skryfwyse uitgewerk en waarin van die Lepsius-alfabet gebruik gemaak word. Carl Meinhof³⁾ het voor die Eerste Wêreldoorlog heelwat in hierdie verband gedoen in dieselfde rigting as wat Bleek ingeslaan het. Verder het ook Torrend⁴⁾ sy bydrae tot die vergelykende taalstudie gelewer.

Die standaardwerke in hierdie verband is egter nog steeds dié van Werner⁵⁾, wat ook moeilik in Suid-Afrika bekombaar is. Die werke van Werner kan aanvaar word as 'n geskikte norm waaraan die taalkunde van die Bantoetaal getoets kan word, aangesien sy ook gebruik gemaak het van die werke van Brusciotto, Cust, Bleek en Meinhof.

Werner onderskei meer as tweehonderd verskillende families van Bantoetale⁶⁾ en skrywe verder dat die vernaamste kenmerke van die Bantoetale so duidelik omlyn is dat, wat grammatika aanbetref, 'n kennis van die een taal die studie van 'n volgende bevorder. Die meeste van die Bantoetale verskil van mekaar net so weinig as Frans van Spaans of Italiaans. In baie gevalle is die ooreenkoms selfs groter⁷⁾.

/ Vir die ...

-
1. Cust: A SKETCH OF THE MODERN LANGUAGES OF AFRICA.
 2. Bleek: COMPARATIVE GRAMMAR OF THE SOUTH AFRICAN LANGUAGES, Part 1 (Phonology, 1862).
 3. Meinhof: GRUNDRISS EINER LAUTLEHRE DER BANTUSPRACHEN en GRUNDZÜGE EINER VERGLEICHENDEN GRAMMATIK DER BANTUSPRACHEN.
 4. Torrend: A COMPARATIVE GRAMMAR OF THE SOUTH AFRICAN BANTU LANGUAGES.
 5. Werner: LANGUAGE FAMILIES OF AFRICA en INTRODUCTORY SKETCH OF THE BANTU LANGUAGES.
 6. Werner: INTRODUCTORY SKETCH OF THE BANTU LANGUAGES, 2.
 7. Idem.

Vir die doel van hierdie paragraaf kan die werke van Werner dus aanvaar word as maatstaf waaraan die taalleerboek van Ziervogel getoets kan word.

(b) Toetsing van Noord-Sotho-Leerboek.

Werner staaf dat die Bantoetale geen geslag het nie, en derhalwe kan die naamwoorde nie as manlik, vroulik of onsydig geklassifiseer word nie: "... they are divided into several classes - usually eight or nine, distinguished by their prefixes. These prefixes are repeated, in one form or another, before every word in agreement with the noun; and this method of indicating agreement.... is called the Alliterative Concord"¹⁾.

In sy boek hou Ziervogel hom streng aan hierdie stelling, want hy skrywe in sy boek dat die Sotho-selfstandige naamwoord in klasse ingedeel is en dat die klas aangedui word deur die klasprefiks wat voor die stam van die selfstandige naamwoord tree²⁾. „Elke selfstandige naamwoord word deur middel van 'n skakel aan die res van die sin geskakel"³⁾.

Werner skryf dat dit 'n vasstaande beginsel is dat die klem op die voorlaaste lettergreep val⁴⁾. Ziervogel meld dat die klem meesal op die „tweede laaste" lettergreep rus⁵⁾. Oor toonhoogte voer Ziervogel aan dat daar 'n onderskeid is tussen semantiese, grammatiese en emosionele intonasie⁶⁾. Die doel van die intonasie of toonhoogte is, volgens Werner, baie belangrik, want dit help om woorde, andersins dieselfde, vanmekaar te onderskei⁷⁾.

Werner skryf dat die klanke in die Bantoetaal oppervlakkig nie baie moeilik is nie⁸⁾. Ziervogel gee in

/sy werk...

-
1. Werner: INTRODUCTORY SKETCH OF THE BANTU LANGUAGES, 14.
 2. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 7.
 3. Ibid., 8.
 4. Werner: a.w. 15.
 5. Ziervogel: a.w. 5.
 6. Idem.
 7. Werner: a.w. 16.
 8. Ibid., 17.

sy werk 'n volledige opgaaf van die klanke in Noord-Sotho sowel as 'n konsonantetabel¹⁾.

Hoewel hy die behandeling van sy naamwoordklasse oor sy hele taalleerboek versprei, hou Ziervogel hom hier aan die taalkunde van die Bantoetaal. Die klasse kom dan ook ooreen met dié wat Werner in haar tabel aangee²⁾.

Ziervogel behandel die lokatief in twee dele: (i) die lokatief -ng³⁾ en (ii) die lokatiefklasse en die uitdrukking van plekaanduidende bywoorde en van voorsetsels⁴⁾. Dit kom ooreen met Werner se "...suffixed locative -ni...and the locative formed by prefixed prepositions..."⁵⁾. Die Bantoelokatiefvoorvoegsels pa, ku, en mu word deur Werner beskrywe⁶⁾ en deur Ziervogel in sy boek genoem en geïllustreer⁷⁾.

Volgens Werner is die voornaamwoord een van die belangrikste kenmerke van die Bantoetaal⁸⁾. Ziervogel gee 'n tabel van die voornaamwoorde en hulle klasse⁹⁾, en verder behandel hy hulle op verskillende plekke in die taalleerboek¹⁰⁾.

Meinhof toon aan dat die skakel en die voornaamwoord nie dieselfde is nie¹¹⁾. In sy taalleerboek gee Ziervogel die skakels ook apart aan en beweer dat die selfstandige naamwoord aan die res van die sin verbind word deur 'n skakel¹²⁾.

Werner stel die saak dan so dat die **voornaamwoord** onafskeidelik verbonde is aan die klas waartoe die

/naamwoord...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 1 - 4.
2. Ibid., 40 - 41.
3. Ibid., 20 - 21.
4. Ibid., 32 - 34.
5. Werner: INTRODUCTORY SKETCH OF THE BANTU LANGUAGES, 76 - 83.
6. Ibid., 77 - 85.
7. Ziervogel: a.w., 32.
8. Werner: a.w., 86 - 108.
9. Ziervogel: a.w., 9.
10. Ibid., 23, 28, 44 - 45.
11. Meinhof: GRUNDZÜGE EINER VERGLEICHENDEN GRAMMATIK DER BANTUSPRACHEN, 35.
12. Ziervogel: a.w., 8.

naamwoord behoort¹⁾. Ziervogel staaf ook hierdie bewering deur aan te haal dat daar vir elke klas 'n absolute voornaamwoord is²⁾.

Oor die byvoeglike naamwoord skryf Werner dat daar baie min werklike adjektiewe is³⁾. Adjektiefwortelstamme is min in getal en moet beskou word as van die primitiefste elemente in Bantoespraak⁴⁾. Werner verskaf 'n lys waarin sy 'n aantal van hierdie wortelstamme aangee⁵⁾. Ziervogel verskaf 'n vollediger lys van adjektiefstamme, hoewel ook min in getal⁶⁾.

Werner beskou die telwoord, veral die eerste vyf, as 'n soort adjektief⁷⁾, terwyl die woorde vir sewe, agt, nege en tien selfstandige naamwoorde is⁸⁾. Ziervogel behandel hulle op dieselfde wyse⁹⁾, en hy noem die rangtelwoorde selfstandige naamwoorde "wat as besitter optree"¹⁰⁾. Werner noem dit "...a noun preceded by the possessive particle of the noun with which the number is to agree"¹¹⁾.

Die werkwoord word in sy verskillende vorms deur Werner beskrywe en met voorbeelde geïllustreer¹²⁾. Veral spits sy haar toe op die verskillende afleidings (tye) van die werkwoord: die passief, die kousatief, die intensief, die statief, wederkerend en ander¹³⁾.

Ziervogel, daarenteen, behandel die werkwoord nie as alleenstaande item nie maar bepaal hom veral by die verskillende afleidings van die werkwoord, wat dwarsdeur die handleiding versprei is. Albei wys op die groot verskeidenheid van hierdie afleidings.

/ Oor...

-
1. Werner: INTRODUCTORY SKETCH OF THE BANTU LANGUAGES, 110.
 2. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 9.
 3. Werner: a.w., 118.
 4. Ibid., 120.
 5. Ibid., 122.
 6. Ziervogel: a.w., 42.
 7. Werner: a.w., 133.
 8. Ibid., 133 - 134.
 9. Ziervogel: a.w., 54.
 10. Idem.
 11. Werner: a.w., 140.
 12. Ibid., 143 - 181.
 13. Ibid., 143 - 155.

Oor die bywoord skryf Ziervogel dat die afgeleide vorm gekenmerk word deur die voorvoegsel ga¹⁾ in aansluiting by die stelling van Werner dat bywoorde gewoonlik aangedui word deur die voorvoegsel ka-²⁾ en dat daar maar min werklike bywoorde is.

Werner beskou die ideofoon (klankbeeld of radikaal) as 'n onderafdeling van die bywoord maar beweer tewens dat dit nog nie volledig geklassifiseer is nie³⁾, terwyl Ziervogel dit soos volg omskrywe: „Die beskrywing van 'n gesegde met betrekking tot sintuiglike waarneming (geur, kleur, klank, ens.) geskied deur klankbeelde wat gewoonlik deur die werkwoord re (sê) voorafgegaan word“⁴⁾.

Die kwessie van woordvorming word baie skematies deur Ziervogel in sy leerboek behandel, hoewel hy tog die vernaamste rigtings aandui, bv. deverbatiewe⁵⁾ en denominatiewe⁶⁾. Werner, in 'n hoofstuk oor woordvorming, gaan op al die taalverskynsels in hierdie verband in en beweer dat die agtervoegsels 'n baie belangrike rol by die vorming van nuwe woorde speel "...as they distinguish both the Derived Forms and the Moods of Verbs"⁷⁾. Net soos Werner⁸⁾ behandel Ziervogel ook die deverbatiewe en denominatiewe.

Daar moet dan volstaan word met hierdie grondbeginsels van die taalkunde waaraan die leerboek van Ziervogel getoets is.

3. Die leerplanne.

In hierdie verband is dit noodsaaklik dat die Noord-Sotho-Leerboek getoets moet word aan die vereistes van sowel die Juniorsertifikaat- as die Middelbare Skool-

/-sertifikaat

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 14.
 2. Werner: INTRODUCTORY SKETCH OF THE BANTU LANGUAGES, 184.
 3. Ibid., 186.
 4. Ziervogel: a.w., 70.
 5. Ibid., 12, 15, 27.
 6. Ibid., 45, 48, 71.
 7. Werner: a.w., 199.
 8. Ibid., 200, 212 - 217.

-sertifikaatleerplanne.

(a) Die Juniorsertifikaat.

In die algemene inleiding tot die leerplanne in naturelletale, word die naturelletaal nie beskou as 'n vreemde taal vir die blanke kind nie, omdat dit 'n taal is waarmee hy daaglik in aanraking kom. Derhalwe is die onderliggende beginsel by die indeling van die onderrig van naturelletale deur die Departement soos volg:

- (i) Gesprekke oor eenvoudige alledaagse onderwerpe en later ook oor resitasies wat geleer en boeke wat gelees is;
- (ii) elementêre inleiding tot die letterkunde van die taal;
- (iii) redelike vaardigheid in ortografie en (iv) stel oefeninge waarin mondelinge werk beklemtoon word¹⁾.

Volgens die leerplan is een van die vernaamste vereistes vir die aanleer van die naturelletaal dat die leerling 'n gevoel van sekerheid moet kry omtrent die alliteratiewe skakelstelsel wat aan die bou van die naturelletaal ten grondslag lê²⁾.

Hieraan voldoen die leerboek van Ziervogel nie, aangesien daar nie spesifiek op ingegaan word nie, op die volledige skakeltabel ná³⁾, wat dan ook net die skakels aanges en nie die oefeninge waarin dit toegepas word nie. Weliswaar meld die leerplan dat hierdie deel van die vak nie as formele grammatika gedoseer mag word nie⁴⁾, dog genoegsame inligting vir die beginner ten opsigte van hierdie belangrike deel van die taal ontbreek.

Die leerplan vereis spreeklesse en later skriftelike oefeninge, maar die taalleerboek verstrek selfs nie eens 'n leidraad in hierdie rigting nie. Dit
/ is ...

1. HANDBOEK VAN LEERPLANNE VIR DIE MIDDELBARE SKOOL, 60.

2. Idem.

3. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 8.

4. HANDBOEK VAN LEERPLANNE VIR DIE MIDDELBARE SKOOL, 60.

is noodsaaklik dat voorbeelde van die alliteratiewe skakelstelsel gegee moet word waarop die leerling in sy praktiese ervaring kan voortbou. Die geskrewe woord is hier net so noodsaaklik vir die oog as wat die gesproke woord vir die oor is.

Ten aansien van die verskillende soorte selfstandige naamwoorde binne die bestek van die kind se alledaagse ervaring¹⁾ gee die leerboek ook 'n ontoereikende aantal voorbeelde²⁾. Wanneer die begrippe by die beginner vasgelê moet word, is die aantal voorbeelde, met die nodige herhaling, van die uiterste belang. Hieraan voldoen die leerboek nie. Die leerplan beklemtoon dat die naamwoordklasse een vir een behandel moet word³⁾, en hieraan voldoen die leerboek, maar die klasse volg te gou opmekaar. Die leerboek vir die beginner kan ook 'n aantal prentjies hê, soos die leerplan voorstel, sowel as 'n aantal strokiesverhale. Hiervan het die leerboek niks nie.

Veral ten opsigte van die tye van die werkwoord wyk die leerboek ook af van die leerplanvereiste, naamlik dat net die teenwoordige tyd van die werkwoord in sinne gebruik moet word⁴⁾.

Dit is duidelik dat die leerplan beoog om die studie van die taal so eenvoudig moontlik te hou, sodat daar nie onnodige verwarring kan plaasvind nie. Die leerboek van Ziervogel wyk hier heeltemal af van die leerplanvereiste en behandel reeds aan die begin

/ benewens ...

-
1. HANDBOEK VAN LEERPLANNE VIR DIE MIDDELBARE SKOOL, 60.
 2. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 12,13,14,19,22,25,27,30.
 3. HANDBOEK VAN LEERPLANNE VIR DIE MIDDELBARE SKOOL, 60.
 4. Idem.

benewens die teenwoordige tyd ook die toekomstige tyd¹⁾, die perfektum²⁾, die bevelsvorm³⁾, die potensialis⁴⁾, die be-verlede tyd⁵⁾ en andere.

Die kind se oor moet aan die klankharmonie gewoon word deur die skakelwoord met die naamwoordelike voorvoegsel in verband te bring⁶⁾, en dit kan die beste gedoen word deur aanvanklik hoofsaaklik die teenwoordige tyd te gebruik.

Die leerboek doen weinig ten opsigte van hierdie vereiste, aangesien die nodige voorbeelde ontbreek en daar verwarring ten opsigte van die tye geskep word, soos hierbo aangetoon.

Die leerplan beveel aan dat by die vervoeging van die werkwoord net die ses grondtye van die aantonnende wys en die gewone vorme van die gebiedende wys vereers geleer moet word en dat die ander wyse van die werkwoord onder die hoofde „hulpwerkwoorde" en „konstruksies" gerangskik word⁷⁾.

Ziervogel maak nie hierdie indeling in sy boek nie en behandel die verskillende wyse van die werkwoord op verskeie plekke tussen die ander leerstof in die leerboek. By die bespreking van die potensialis⁸⁾, die afhanklike wys⁹⁾ en die optatief¹⁰⁾ word daar gemeld dat hulle as hulpwerkwoorde gebruik kan word, en in 'n les oor die hulpwerkwoorde¹¹⁾ word hulle weer in die bondige bespreking ingesluit.

/ Oor ...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 13.
 2. Ibid., 15, 18, 26, 28, 46.
 3. Ibid., 17.
 4. Ibid., 38.
 5. Ibid., 52.
 6. HANDBOEK VAN LEERPLANE VIR DIE MIDDELBAARE SKOOL, 60.
 7. Idem.
 8. Ziervogel: a.w., 38.
 9. Ibid., 60.
 10. Ibid., 77.
 11. Ibid., 75 - 77.

Oor intonasie word in die leerboek van Ziervogel maar n baie kort uiteensetting gegee, met slegs twee voorbeelde¹⁾. Die vereistes van die leerplan is hier dat intonasie meer deur die voorbeeld en oefening as deur voorskrif geleer moet word²⁾.

Aan die elementêre inleiding tot die literatuur wat deur die leerplan voorgeskryf word, beantwoord Ziervogel se boek in n mate, veral wat die leesstukke betref. Daar is n gemis aan geskikte gediggies of prosastukke wat as resitasies geleer kan word.

Ziervogel se boek bevat geen stel oefeninge van enige aard nie, hoewel dit n kardinale vereiste van die leerplan is. Daar is geen oefeninge wat mondeling gedoen kan word en dan skriftelik toegepas kan word nie. Om aan die leerplanvereistes te kan voldoen moes daar minstens n aantal sulke oefeninge gewees het, aangesien skriftelike werk n belangrike vereiste is aan die einde van die standaard 8-kursus. Die enigste skriftelike oefeninge is vertaalwerk.

Ten slotte vereis die leerplan redelike vaardigheid in ortografie, en wel in die eenvormige skryfwyse deur die Transvaalse Onderwysdepartement goedgekeur³⁾. Ziervogel hou hom aan hierdie vereiste in die grootste gedeelte van sy handleiding maar wyk tog af, bv. waar hy ô vir o⁴⁾ gebruik en ê vir e⁵⁾.

/ (b) Middelbare ...

-
1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 5.
 2. HANDBOEK VAN LEERPLANNE VIR DIE MIDDELBARE SKOOL, 60.
 3. Ibid., 62.
 4. Ziervogel: a.w., 5, 7, 19 e.a.
 5. Ibid., 7, 17, 19 e.a.

(b) Middelbare Skool-sertifikaat.

By die bespreking van die vereistes van die leerplan ten opsigte van die Middelbare Skool-sertifikaat is ook in 'n groot mate van toepassing die opmerkings wat onder (a) hierbo gemaak is.

Aanvullend by wat vroeër in die eerste afdeling van hierdie paragraaf beweer is, geld ook nog die onderstaande opmerking: die leerplanvereistes vir die Eindsertifikaat van die Middelbare Skool is veel meer omvattend as dié vir die Juniorsertifikaat.

Dit is duidelik dat daar 'n grondige en deeglike kennis van die taal verwag word, soos blyk uit die voorgeskrewe leerplan: (i) opstel, brief of tweespraak; (ii) vertaling van 'n deurlopende prosastuk of -stukke en gepaste vrae oor die juiste gebruik van gewone idiomatiese uitdrukkings; (iii) vrae oor die inhoud en taal van twee voorgeskrewe werke en (iv) meer gevorderde buigingsleer en sintaksis¹⁾.

Die skrywe van 'n opstel of brief in enige taal vereis vaardigheid in hierdie taal. Die leerplanvereiste hier word dus hoog gestel, en die taalleerboek van Ziervogel voldoen selfs nie in 'n geringe mate aan die eise wat gestel word nie. Daar is in die ganse boek nie 'n voorbeeld van 'n opstel of brief oor enige onderwerp nie. Wanneer die leerboek wil voldoen aan die hoë eise wat die leerplan neerlê, moet daar minstens 'n voorbeeld van 'n opstel of brief in Noord-Sotho teweere daarin gewees het. Dit is immers 'n leerboek wat gebruik word deur die

/student...

1. HANDBOEK VAN LEERPLANNE VIR DIE MIDDELBARE SKOOL, 62.

student wat hom hou aan die leerplan om uiteindelik eksamen te doen in die vak.

Aan vertalings, wat 'n vername plek in die leerplan inneem, word baie aandag geskenk, aangesien daar 'n oefening by elke les is¹⁾.

Die antwoorde op die oefeninge word ook verskaf, sodat die student sy eie werk kan kontroleer²⁾. Daar is ook verskeie deurlopende prosastukke wat vertaal kan word³⁾. Benewens hierdie stukke is daar ook 'n goeie woordelys⁴⁾ en 'n register⁵⁾, wat met vrug gebruik kan word by die vertalings, wat deurgaans op 'n hoë peil gehou is en aanpas by die veranderende omstandighede van die student wat in sy werk vorder. Die stukke word al moeiliker namate die studie vooruitgaan.

Wanneer ons kom by die vereiste van die leerplan ten opsigte van passende vrae oor die juiste gebruik van gewone idiomatiese uitdrukkings⁶⁾, blyk dit dat die leerboek hieraan heeltemal mank gaan. Op 'n paar spreekwoorde by die oefeninge ná⁷⁾, word hierdie belangrike afdeling links laat lê.

Dit is opmerklik veral by die vereistes van die leerplan ten aansien van die gevorderde klasse, waar 'n deeglike kennis van die taal die deurslag moet gee, dat die leerboek glad nie sorg vir kennis omtrent die gewone alledaagse uitdrukkings en idiomatiese segswyses nie. Waar dit van die student verwag word

/ om 'n ...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 12 - 84.

2. Ibid., 21, 36, 50, 64, 79, 98 - 103.

3. Ibid., 85 - 97.

4. Ibid., 106 - 127.

5. Ibid., 143 - 147.

6. HANDBOEK VAN LEERPLANE VIR DIE MIDDELBARE SKOOL, 62.

7. Ziervogel: a.w., 30, 39, 41, 57.

om 'n opstel, brief of vertaling te kan doen, moet die leerboek minstens die nodige leiding gee by die aanwending van gewone idiomatiese uitdrukkings, waarvan die Bantoetaal 'n besondere rykdom openbaar.

Ten slotte 'n opmerking oor die meer gevorderde buigingsleer en sintaksis wat die leerplan vereis. In hierdie opsig voldoen die leerboek beter aan die eise wat gestel word, aangesien die inhoud van Ziervogel se boek baie gevorderd is.

In die lesse wat in die leerboek vervat is, word die naamwoordklasse sistematies behandel, en die leerling is ook op hierdie stadium beter instaat om die meer ingewikkelde taalprosesse te volg en te verstaan.

Begrippe soos die vorming van deverbatiewe¹⁾, die omskrywing met 'n voorwerp²⁾, die vorming van kousatiewe³⁾, applikatiewe⁴⁾ en andere word deeglik by die leerling tuisgebring en kry 'n duidelike betekenis vir die student deur die wyse waarop dit in die leerboek omskrywe word. Dit is duidelik dat die leerboek op 'n besondere wyse aanpas by hierdie vereistes wat deur die leerplan gestel word.

4. Die Eksamenvraestelle.

a. Die Juniorsertifikaat.

By 'n noukeurige ontleding van die vraestelle in Noord-Sotho vir die Juniorsertifikaat-eksamen kan daar afgelei word dat hulle gewoonlik uit vier duidelike afdelings bestaan: (i) vertalings, (ii) opstel, (iii) brief en (iv) grammatika⁵⁾.

/Wanneer...

1. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 15, 27 e.a.

2. Ibid., 66.

3. Ibid., 31, 48.

4. Ibid., 45.

5. Transvaalse Onderwysdepartement: EKSAMENVRAESTELLE VIR JUNIORCERTIFIKAAT IN NOORD-SOTHO.

Wanneer hierdie vier onderafdelings een vir een bestudeer word, word dit algaande duidelik dat die vereistes ook hier taamlik duidelik gestel word. Gerieflikheishalwe sal oor elk van die afdelings afsonderlik opmerkings gemaak word.

Die vertalings wat in die vraestelle gegee word, is van tweërlei aard: uit Noord-Sotho in Afrikaans en uit Afrikaans in Noord-Sotho. Die vertalings is ook beperk tot die B-vraestel (wat hoofsaaklik deur blankes geskrywe word).

Vyf-en-twintig persent van die totale punte word aan vertalings afgestaan¹⁾. Hieruit moet dan afgelei word dat vertalings 'n belangrike plek beklee by die studie van hierdie vak. Van die student wat hierdie eksamen aflê, word 'n elementêre dog deeglike kennis van die taal verwag.

Die vertalings wat gegee word, is nie moeilik nie maar van middelmatige gehalte. Die lengte van die stukke wissel tussen 150 en 200 woorde. Die sinne is gewoonlik kort en enkelyoudig.

Die onderwerpe van die vertaal oefeninge is geneem uit die alledaagse ervaring van die student en bevat haas alle verskynsels wat in die algemene grammatika van die taal voorkom.

Ziervogel se leerboek pas hom uitmuntend aan by die vereistes wat deur die eksamen vraestelle ten opsigte van vertalings gestel word. Veral moet hier beklemtoon word sy reekse vertaal oefeninge²⁾ met woordelys³⁾. Die leerboek grond sy vertaal oefeninge op die grammatika wat voorafgegaan het, en is dus in hierdie opsig besonder

/geslaagd...

1. VRAESTELLE, NOORD-SOTHO, standard 8.

2. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 12 - 84.

3. Ibid., 106 - 107.

geslaagd.

Aangesien die eksamen slegs gemiddelde vaardigheid vereis ten aansien van vertalings, behoort die student wat die boek van Ziervogel deurgewerk het, geen moeilikheid te ervaar wanneer hy die vertaaltoets van die vraestel aandurf nie, omdat Ziervogel se leerboek gegradeerde oefeninge aanbied dwarsdeur al die leerstof wat daarin vervat is.

Die opstel in die eksamenvraestel moet gewoonlik geskrywe word oor een van drie gegewe onderwerpe van verskillende tipes¹⁾, sodat die student h keuse het om die onderwerp te kies waaraan hy die meeste voorkeur gee. Ongeveer een-vyfde van die totale aantal punte word aan hierdie deel van die vraestel toegeken, wat bewys dat dit eweneens h belangrike vereiste is dat die student die taal in so h mate kan beheer dat hy homself verstaanbaar kan maak deur h logiese en samehangende uiteensetting van sy gedagtes oor die een of ander onderwerp.

Hoewel die taalleerboek van Ziervogel nie spesifieke voorbeelde het van die soort opstelle wat verwag word nie, dek dit tog die taalverskynsels in so h mate dat die skrandere student homself taamlik verstaanbaar sal kan maak wanneer hy h opstel moet skrywe.

Nogtans moet dit hier benadruk word dat Ziervogel nie h voorbeeld van een of meer soorte opstelle (in die vorm van byvoorbeeld leesstukke) in sy boek opgeneem het nie. Streng gesproke dus voldoen die leerboek nie aan die vereistes van die eksamenvraestelle ten opsigte van hierdie afdeling daarvan nie.

h Verdere twintig persent van die punte word toegelaat vir h brief oor h gegewe onderwerp. Net soos by die opmerkings oor die opstel hierbo, kan ook hier toegegee word

/dat...

dat die student so 'n brief moontlik sal kan skryf uit hoofde van sy kennis van die grammatika van die taal, soos dit vervat is in die leerboek van Ziervogel.

Nogtans moet hier weereens beklemtoon word dat daar nie 'n enkele voorbeeld van 'n brief in Ziervogel se boek verskyn nie. In 'n leerboek bedoel vir die student vir wie die taal vreemd is, behoort minstens die aanhef en slot van sekere tipes briewe aangegee te word. Ziervogel se leerboek voldoen dan ook nie aan hierdie vereiste van die eksamensvraestelle nie.

Laastens moet ook 'n aantal opmerkings gemaak word oor die vereistes van die eksamenvraestelle ten aansien van die grammatika.

Uit 'n ontleding van die vraestelle blyk dat daar 'n wisselende aantal vrae gestel word oor die grammatika van die taal. In die A-afdeling word vrae gestel oor 'n begripstoets, parafrase, woorde met twee betekenisse, die tye, voegwoorde, sins- en woordbou¹⁾. Hoewel dit feitlik buite die bestek van hierdie bespreking val, dien dit as 'n goeie voorbeeld van hoe uitgebreid die keuse van vrae kan wees.

Wanneer ons egter die B-vraestelle ontleed, moet daar tot die gevolgtrekking geraak word dat die veld nie so wyd strek nie. Die vereistes van die verskillende taalverskynsels is kleiner in omvang en die vrae veel makliker.

Vrae oor sinsbou varieer, hoewel die mees algemene verskynsel hier skyn te wees dat 'n vraag gestel word waarop 'n antwoord geskrywe moet word en andersom²⁾. Daar word gewoonlik tien sulke vragies gestel binne die bestek van een vraag van die vraestel.

/Aangaande...

1. VRAESTELLE, NOORD-SOTHO, standerd 8.
2. Ibid.

Aangaande werkwoorde en hulpwerkwoorde word in die meeste gevalle 'n sin gegee waarin 'n werkwoord of hulpwerkwoord uitgelaat is. Die kandidaat moet die sin aanvul, en in een geval moes die voltooides sinne in die enkelvoud oorgeskryf word¹⁾.

Van hierdie metode word ook gebruik gemaak in 'n verdere oefening in die eksamenvraestel. 'n Tiental woorde, bestaande uit voegwoorde, selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde in verskillende tye en telwoorde, moet ingevul word. Spasies is vir hierdie doel in die sinne oopgelaat.

Ook word sekere woorde (selfstandige naamwoorde of werkwoorde) gegee waarmee die kandidaat sinne moet maak. Verder word in ander gevalle byvoorbeeld 'n hele vraag gestel oor verkleinwoorde²⁾. Sekere selfstandige naamwoorde behorende tot die verskillende klasse word gegee, en dan word slegs verlang dat die kandidaat die verkleinwoord aangee.

Hieruit blyk dat die vereiste vir die grammatika in die eksamenvraestel is dat dit van 'n algemene aard moet wees. Dit benadruk ook die praktiese gebruik van die taal.

Die leerboek van Ziervogel leen hom uitstekend hiertoe, aangesien die hele leerboek bestaan juis uit voorbeelde en verduidelikings met reëls oor die gebruik van die grammatika van Noord-Sotho.

(b) Die Middelbare Skool-sertifikaat.

In hoofsaak geld die opmerkings wat by (a) hierbo gemaak is, ook hier. Soos by die Juniorsertifikaat blyk dit by 'n ontleding van die vraestelle dat hulle ook uit

/ vier ...

1. VRAESTELLE, NOORD-SOTHO, standerd 8.
2. Ibid.

vier afdelings bestaan, wat wel anders ingedeel is:

(i) opstel en/of brief, (ii) vertalings, (iii) voorgeskrewe werke en (iv) grammatika. Die punteverdeling is hier vyf-en-twintig persent per afdeling, wat dit duidelik stel dat die vereistes van die eksamenvraestelle ten opsigte van alle aspekte ewe belangrik is.

Aangaande die opstelle moet hier reeds beklemtoon word dat die onderwerpe veel moeiliker is as dié wat vir die Juniorsertifikaat gestel is. Daar is 'n hoë peil wat dwarsdeur gehandhaaf bly. Die onderwerpe, gewoonlik ses in getal, sluit 'n brief in. Daar is ook 'n spreekwoord wat as onderwerp dien¹⁾. Die kandidaat het 'n keuse van een uit hierdie ses.

Ziervogel behandel hierdie afdeling nie as sodanig in sy boek nie, maar pas hierby beter aan aangesien daar verskeie van die leesstukke²⁾ in sy boek min of meer die peil het van die opstelle wat hier verwag word. Wanneer die student die leerboek en veral 'n paar van die leesstukke goed deurgegaan het, kan hy self 'n redelike peil handhaaf ten opsigte van die gehalte werk wat van hom by die eindeksamen verwag word.

By wat vroeër reeds van die vertaal oefenings van Ziervogel gesê is, moet verder gevoeg word dat die vrae vir die eindeksamen heelwat langer is en die stukke gewoonlik deurlopend met moeilike en komplekse sinne. Die vertaalstukke is ook geneem uit die voorgeskrewe werke, sodat dit darem nie ongesiens is nie. Die leerboek van Ziervogel verskaf uitstekende oefening in die vertaling van deurlopende prosastukke, moeilik van aard en lank genoeg om te voldoen aan hierdie eksamenvereiste.

Die derde afdeling van die eksamenvraestel handel

/ oor ...

1. VRAESTELLE, NOORD-SOTHO, Eindeksamen v/d Middelbare Skool.
2. Ziervogel: NOORD-SOTHO-LEERBOEK, 21, 36, 50, e.a.

oor die voorgeskrewe werke, wat duidelik buite die bestek van hierdie bespreking val.

Wanneer by die vierde afdeling van die vraestelle, naamlik die grammatika van die taal, stilgestaan word, blyk dit dat ook hier hoë eise gestel word. By 'n ontleding van die vrae in hierdie afdeling, tree 'n verskeidenheid van probleme wat aan die kandidaat gestel word na vore¹⁾.

Allereers is daar vrae oor die selfstandige naamwoord, wat onder andere handel oor die vorming van verkleinwoorde en die afleiding van deverbatiwe.

Volgende in belangrikheid is die werkwoord. In sommige gevalle moet sinne gemaak word van gegewe werkwoorde; 'n sekere werkwoord moet vervang word deur 'n ander wat beter pas; 'n werkwoord moet in sulke sinne gebruik word dat twee betekenisse daarvan aangetoon word; die regte vorm van die werkwoord moet verskaf word waar die gewone algemene werkwoord tussen hakies aangegee word; die werkwoord waarvan die deverbatief afkomstig is, moet verskaf word en dan in 'n sin gebruik word, en verskillende tye van die werkwoord moet aangegee word in sekere vrae. Die tye wat in die meeste gevalle gevra word, is die voltooid teenwoordige en die voltooid verlede tyd, terwyl die kousatief en die passief ook in 'n paar gevalle genoem word.

Die gebruik van sekere werkwoorde as hulpwerkwoorde word ook gevra, en sinne moet gebou word om die verskil in werking aan te toon.

Daar is ook vrae gestel oor die gebruik van die voorsetsel waar die kandidaat slegs die voorsetsel hoef in te vul.

'n Ander tipe vraag handel oor die telwoord in al sy vorme ten opsigte van die verskillende naamwoordklasse. Die telwoord word as syfer aangegee, en van die kandidaat word verwag om die regte vorm te verskaf in elke onderaf-

/-deling ...

-afdeling van die vraag.

By uitsondering is daar ook 'n vraag oor die geslag, wat hoofsaaklik handel oor diere (beeste) en persone. Soms word 'n definisie in Noord-Sotho gemaak, waarvan die kandidaat die regte woord moet verskaf.

Ten slotte blyk uit die ontleding dat daar soms vrae gestel word waar van die kandidaat verwag word om die reëls neer te skrywe wat in werking tree by die vorming van sekere taalverskynsels.

Wanneer daar nou teruggeblik word oor hierdie reeks vrae wat die eindeksamen in Noord-Sotho lewer, moet daar dadelik gekonstateer word dat die leerboek van Ziervogel uit die aard van sy samestelling uitermate geskik is om aan hierdie vereistes te voldoen. Die leerboek bevat nie alleen voorbeelde in oorvloed van elkeen van hierdie tipes vrae nie maar **berei die student** tewens voor om opgewasse te wees teen vrae oor taalreëls. Ons moet dan tot die slotsom geraak dat Ziervogel se boek hom baie nuttig aanpas by die vereistes van **sekere** gedeeltes van die eksamenvraestelle ten opsigte van die verskeidenheid van ingewikkelde taalverskynsels wat veral by die vraestelle van die eindeksamen aangetref word.

5. Kritiese samevatting.

(a) Uit voorgaande bespreking het dit duidelik aan die lig gekom dat wat die taalkunde betref, die leerboek van Ziervogel nie hoof agteruit te staan vir enige boek op hierdie gebied nie.

In 'n vergelyking daarvan met die vernaamste punte wat die groot Bantoetaalkundige, Werner, aangee oor haar werke oor die taalwetenskap, het geblyk dat Ziervogel in die fynste besonderhede voldoen aan die eise wat in hierdie verband gestel word.

Taalkundig is hierdie leerboek dan besonder geslaagd, hoewel daar in sommige opsigte te min voorbeelde

/ verstrek ...

verstrek is van die taalverskynsel wat onder bespreking is. Nogtans bly die boek as geheel binne die perke wat daar gestel word. Miskien kon Ziervogel in die leerboek meer aan woordvorming gedoen het, aangesien hy tog die onderwerp op verskillende plekke daarin aanroer. Werner meen dat woordvorming, en veral deur agtervoegsels, een van die belangrikste kenmerke van die Bantoetaal is. 'n Afdeling van die leerboek sou met vrug spesifiek vir hierdie taalverskynsel opsy gesit kon gewees het, sonder om die onderwerp skematies aan te pak en oor die hele boek in kort stukkies leerstof aan te bied.

By herhaling moet egter weereens beklemtoon word dat die leerboek van Ziervogel pragtig aanpas by die vereistes van die taalwetenskap en dat daar blyke is dat die leerboek die vrug is van 'n diepgaande studie oor die Bantoetaalkunde, in die besonder oor die taalkunde van Noord-Sotho.

(b) Wanneer die leerboek van Ziervogel in oënskou geneem word ten opsigte van die leerplanvereistes, moet daar tot die uiteindelijke slotsom gekom word dat die leerboek heelwat afwyk van die gestelde eise, maar dat die skrywer hom tog, wat die grammatika aanbetref, in hoofsaak hou by die vernaamste eise.

Beskou uit die oogpunt van die student vir wie die taal vreemd is, is daar 'n ooglopende gebrek aan voorbeelde in sommige opsigte.

Die leerplan skryf voor dat die tye sistematies behandel moet word om verwarring te voorkom. Hierdie voorskrif van die leerplan word nie altyd deur die skrywer in gedagte gehou wanneer hy die tye onder bespreking neem nie.

Ook ten aansien van die ortografie wyk Ziervogel van die gestelde norm af. 'n Leerboek wat in die hande

/ van ...

van 'n leerling geplaas word, moet nie net taalkundig suiwer wees nie maar ook die jongste skryfwyse volg, om verkeerde begripsvorming deur die ontvanklike **verstand** van die student te voorkom. Die gesigsbeeld van die geskrewe woord moet juis wees.

Soos voorheen in hierdie hoofstuk aangetoon, is daar 'n gebrek aan juis die deel van die grammatika wat die student die nodigste vind in sy studies: die gebruik van idiomatiese uitdrukkings. Die waarde van so 'n afdeling in 'n taalleerboek is nie te onderskat nie, en om hierdie rede is dit jammer dat Ziervogel nie meer aandag hieraan gegee het as om net stil te staan by 'n geringe aantal spreekwoorde met hulle betekenis nie.

Boonop moet dit uit die voorafgaande besprekings duidelik wees dat Ziervogel se leerboek slegs bedoel kan wees vir die laaste twee jare van die hoërskool, aangesien die gevorderde stukke oor sinsleer, die werkwoordagtervoegsels en hulle funksies, die verskillende tye en ander dergelike verskynsels te moeilik is vir leerlinge in standers 7 en 8. Veral die wyse van aanbieding van hierdie taalverskynsels maak die assimilasie van die leerstof vir die beginner moeilik.

Wat die vertaal oefeninge aanbetref, is die boek puik in alle opsigte. Die oefeninge is behoorlik gegradeer en gebaseer op die voorafgaande leerstof.

In hierdie verband kan ook die laer klasse van die hoërskool met vrug daarvan gebruik maak. Daar is nie net 'n oorvloed van die nodige oefeninge in en uit die taal nie, maar die leerboek verskaf selfs die antwoorde sowel as 'n woordelys en register.

(c) Wanneer die vereistes van die vraestelle in oënskyn geneem word, moet dadelik aangevoer word dat die

/ leerboek ...

leerboek veral ten opsigte van die vertaalwerk uitmuntend voldoen aan die eise gestel deur die eksamens. Die leerling wat al die oefeninge in Ziervogel se boek met aandag deur-gewerk het, kan nie meer baie moeilikheid ondervind in die vertaaltoets van die eksamen nie.

Aangaande die algemene en besondere vereistes van die grammatika van die vraestelle word bevind dat die leerboek van Ziervogel goed daarby aanpas. Die veld, veral in die B-vraestelle, is nie baie wyd nie, sodat die leerboek met gemak die terrein dek. Die vernameeste punte in die vraestelle ten opsigte van die grammatika word gedek deur die leerboek, wat in sekere gevalle menigvuldige voorbeelde verskaf oor juis die onderwerp waaroor 'n vraag gestel word. In die gevalle waar reëls gevra word, het die boek ook sy nut, aangesien Ziervogel in die meeste gevalle die reël verklaar en sy werking verduidelik.

In die afdeling van die vraestelle wat handel oor die opstel en/of brief, skiet die leerboek te kort in die vereistes wat deur die eksamen gestel word. Die gebrek is ooglopend veral ten opsigte van die laer klasse van die hoërskool, aangesien die hoër klasse reeds in 'n mate voorligting in hierdie verband kry deur die voorbeelde wat in sekere leesstukke gevind word. In verband met die brief is daar 'n opvallende afwesigheid van enige voorligting hoe-genaamd vir al die klasse van die hoërskool. Dit is 'n gebrek wat uitstaan in 'n leerboek wat vir skoolgebruik bedoel is.

Algemeen gesproke en uitgesonderd die verskeie gebreke wat bespreek is, moet Ziervogel se boek tog nog beskou word as 'n werklik konstruktiewe poging om die aanleer van 'n naturelletaal deur blankes op 'n hoë peil te stel.

H O O F S T U K VI

TEORIE VAN LEERBOEKSAMESTELLING VAN 'N INHEEMSE DERDE TAAL.

1. Inleiding.

Die probleem waarvoor ons hier te staan kom, is die feit dat die inheemse derde taal, in hierdie geval Noord-Sotho (of Sepedi), wat konstruksie betref geheel en al verskil van enigeen van die twee offisiële tale in ons land, soos dit trouens ook verskil van enige van die klassieke of moderne Europese tale.

'n Verdere probleem is die grammatiese terminologie. Deurdat die Bantoetale so wyd van die Europese tale verskil, is dit vrywel 'n onbegonne taak om die bekende terminologie sonder meer op die inheemse taal toe te pas. Daar is in die meeste gevalle 'n ooreenstemming, maar daar is ook gevalle waar 'n term gevind moet word.

Werner sê: "The Bantu languages indicate number, person and, in a limited sense, case; and, for verbs, in addition, voice, mood and tense"¹⁾. Noord-Sotho, 'n Bantoetaal, openbaar dan ook hierdie besondere eienaardighede. Waar die Europese taal agtervoegsels gebruik om byvoorbeeld meervoud aan te toon, gebruik Noord-Sotho en die ander Bantoetale die voorvoegsel.

'n Stelsel ook eie aan die Bantoetaal is die sg. alliteratiewe skakelstelsel, waarby elke naamwoordklas sy eie groep voorvoegsels en bindwoorde het, wat allitereer en bymekaar aansluit om 'n harmoniese geheel te vorm. Tereg merk Werner dan ook op dat die afwesigheid van grammatikale geslag, die stelsel van voorvoegsels en die alliteratiewe skakelstelsel die hoofeienskappe van die Bantoetaalfamilie

/ is ...

1. Werner: THE BANTU LANGUAGES, 32.

is¹⁾.

Die kern van die hele studie van 'n inheemse derde taal is die kennis van die naamwoordklasse met hulle spesifieke skakelstelsels. Sonder dié kennis is die aanleer van die Bantoetaal 'n onbegonne taak. Op die naamwoord met sy alliteratiewe skakelstelsel rus die hele bouwerk van die Bantoetaal.

Reeds in 1659 het Giacinto Brusciotto die eerste Bantoetaalleerboek die lig laat sien. Hy was 'n Italiaanse Kapusynermoonnik, werksaam as sendeling in „die Koninkryk van Kongo“²⁾. In die taalleerboek wat hy saamgestel het, is dit duidelik dat hy die beginsel van die naamwoordklasse begryp, terwyl manne soos Lichtenstein en Burton jare later in hulle geskrifte merkbaar bewys lewer dat hulle niks van hierdie verskynsel gesnap het nie³⁾. So skryf Brusciotto dat die taal van die Kongo's en andere in negerlande nie gebaseer is op en selfs nie sy reëls aflei van die verbuiging van woorde nie "but on their principiation; therefore the rules which are distinguished and marked in this idiom, are chiefly taken from the various principiations of the substantives and varied accordingly"⁴⁾.

Die klank van die naturelletaal is vir die blanke vreemd. Die tongval is anders, die bou verskillend. 'n Leerboek in die Bantoetaal moet rekening hou met hierdie afwykings en sal derhalwe ook van die leerboek oor Europese tale, waaraan die blanke nog altyd gewoond was, moet verskil, nie net in samestelling nie maar ook in inhoud.

Verder moet die grondbeginsels wat aan 'n goeie taalleerboek in enige taal ten grondslag lê, ook in hierdie geval toegepas word. Te alle tye moet die leerling sowel

/ as ...

1. Werner: THE BANTU LANGUAGES, 32.

2. Ibid., 31.

3. Idem.

4. Ibid., 33.

as die onderwyser 'n leerboek hê sodat daar eenheid in die ontwikkeling van die leerstof kan wees. „Die boek verskaf aan onderwyser en aan leerlinge 'n grondslag, 'n kern, 'n algemene leidraad, wat deur almal gevolg kan word. In die reël is 'n leerboek op 'n sistematiese en wetenskaplike wyse saamgestel¹⁾.

2. Teorie van leerboeksaamstelling.

'n Goeie taalleerboek moet voldoen aan die vereistes van die taalwetenskap, die leerplanne en die eksamenvraestelle, soos aangetoon is in die vorige hoofstuk.

In wat volg, moet 'n poging gesien word om 'n teorie saam te stel vir die opstel van 'n taalleerboek vir 'n inheemse derde taal, die Bantoetaal.

(a) Die vorm van die leerboek.

Voordat daar by die inhoud van die taalleerboek in die besonder stilgestaan word, is dit van belang dat daar 'n algemene aanduiding gegee moet word van hoe die taalleerboek daar sal uitsien.

Die leerboek moet in twee dele wees:

- (i) deel I, wat die werk vir die laer klasse van die hoërskool moet bevat, en
- (ii) deel II vir die hoër klasse.

'n Leerboek op hierdie plan saamgestel, is makliker hanteerbaar en behoort al die werk te bevat wat noodsaaklik is vir die betrokke standers.

Die twee dele van die leerboek saam moet 'n afgeronde geheel wees en elke deel op sigself 'n eenheid.

(b) Die inhoud van deel I.

Deel I van die leerboek moet verder verdeel word in vier belangrike onderafdelings:

- (i) grammatika van die taal met vertaal oefeninge,
- (ii) paragrawe, briewe en opstelle,

/(iii) Alledaagse

(iii) alledaagse uitdrukkings en idiomatiese
woordgebruik en

(iv) woordelys.

Wat betref die eerste gedeelte van deel I, moet dit onder andere bevat: 'n verduideliking van die klanke in Noord-Sotho, van juiste intonasie, aangesien veral by die Sothotale dit aangewend word om eendersgeskrewe woorde van mekaar in betekenis te onderskei, van die uitspraak van woorde, van klem sowel as 'n uiteensetting van die jongste skryfwyse.

Vervolgens moet die naamwoordklasse met hulle skakels en die funksie daarvan kortliks verduidelik word, aangesien die naamwoordklasse met hulle alliteratiewe skakelstelsel die basis van die hele taal is. Dit moet beklemtoon word dat dit die uitgangspunt is by die aanleer van die Bantoetaal. Die res van die boek moet as 't ware gebou wees op die naamwoordklasse.

Om uit die staanspoor die saak reg aan te pak, moet vir eers net gekonsentreer word op die mo - ba- of mensklas van die naamwoordklasse. Hierdie is die basis vir die hele eerste helfte van die grammatikadeel van die boek. Saam met die mo - ba-klas moet geleer word sy alliteratiewe skakelstelsel in al sy vorme.

In aansluiting by wat hierbo beweer is ten opsigte van die mo - ba-klas, moet 'n aantal maklike werkwoorde ingebring word, sodat die leerling reeds van die aanvang van sy studie af in staat sal wees om eenvoudige sinne te bou. Die werkwoorde moet aanvanklik net in die teenwoordige tyd wees. Wat hier veral benadruk moet word, is dat om verwarring te voorkom, alle selfstandige naamwoorde wat gebruik word, tot die mensklas moet behoort.

Die feit dat die student reeds van die begin af sinnetjies kan bou, werk 'n gevoel van selfvertroue in die

hand. Namate die woordeskat van die mo - ba-klas selfstandige naamwoorde uitbrei, groei daarmee saam die kennis en gebruik van die werkwoord. Op hierdie wyse leer die student vaardigheid in die gebruik van die taal sonder om verward te raak in die strikke van die ander naamwoordklasse en hulle skakelstelsels.

Ander taalverskynsels, soos byvoorbeeld die telwoord, kan tot die student se leerstof toegevoeg word. Ook die bywoord, byvoeglike naamwoord sowel as die verskillende voegwoorde kan geleidelik ingevoer word in opeenvolgende lesse.

Die mo - ba-klas selfstandige naamwoord moet steeds as fondament dien waarop voortgebou word. Die student leer die taal aan sonder om beswaar te wees met die ses ander naamwoordklasse en hulle skakelstelsels.

Wanneer die student voldoende vertrouwd is met die gebruik van die grammatika soos tot dusver beskrywe, kan oorgegaan word na die ander tye - eers die een en dan die ander, sodat hy gewoond kan raak aan die gebruik daarvan. Op hierdie manier kan die ses grondtye van die aantonende wys en die gewone vorme van die gebiedende wys aangeleer word, nog steeds op die basis van die mo - ba-klas selfstandige naamwoord.

Voortvloeiende uit die mo - ba-klas kan die gebruik van die voornaamwoord ook nog aangepak word sowel as die funksie van die lokatief. Elkeen van die nuwe toevoegings kan paslik verduidelik word deur voorbeelde.

Wanneer die mo - ba-naamwoordklas, sy alliteratiéwe skakelstelsel, die gebruik van werkwoorde, voornaamwoorde, voegwoorde, verkleinwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde, telwoorde en 'n aantal eenvoudige tye bemeester is en die student die selfvertroue verkry het wat absoluut noodsaaklik is, kan daar versigtig 'n aanvang gemaak word met die

/ verduideliking

verduideliking en aanleer van die volgende klas selfstandige naamwoord.

Die nuwe fase van die aanleer van die werking van hierdie klas selfstandige naamwoord sal dan vir die student nie meer vreemd wees nie. Hy kan ook baie moeilik verward raak met die vorige klas, aangesien hy dit reeds deeglik be-meester het. Dit is dan ook makliker om die nuwe naamwoord-klas aan te pas by wat reeds geleer is.

So kan die student elk van die ander naamwoordklasse afsonderlik aandurf, deur voort te bou op die kennis wat hy deur 'n studie van die mo - ba-klas aangeleer het. Vanselfsprekend sal daar nou minder tyd in beslag geneem word by die aanleer van die nuwe klasse as wat met die mensklas die geval was, aangesien die ander taalverskynsels reeds aangeleer is en net dien aangepas te word by die nuwe klas.

Tussen die leerstof oor die naamwoordklasse kan afsonderlike lesse gewy word aan woordvorming: deverbatiwe en denominatiwe, aan die verharding van klanke, aan die tye en so meer.

Die leerstof moet in maklike lesse ingedeel word, wat geredelik deur die student opgeneem kan word. By elke les moet 'n op die leerstof gebaseerde reeks oefeninge wees, 'n vertaal oefening en ander oefeninge, sowel as 'n woordelys wat nuwe woorde bevat. Elke les moet genoeg leerstof bevat om sowel mondeling as skriftelik gedoen te kan word.

In die tweede afdeling van deel I van die leerboek kan aandag geskenk word aan sulke sake soos die skrywe van paragrawe, opstelle en briewe.

Kort paragrawe, eers in eenvoudige sinne en later in meer gevorderde taal, moet oor 'n aantal alledaagse onderwerpe verskyn, sodat die student kan verstaan wat van hom verwag word.

Algaande kan die paragrawe uitgebrei word, totdat hulle oorgaan in eenvoudige, duidelike opstelletjies oor

/ doodgewone ...

doodgewone onderwerpe. Hulle kan verskillend van aard wees: beredeneerd, beskrywend of verhalend.

Desgelyks kan die skrywe van 'n brief verduidelik word: eers die eenvoudige brief aan 'n familielid of maat, later die meer ingewikkelde sakevorm. Wat veral hier van belang is, is die voorbeeld van die adres, die aanhef en slot, aangesien die brief in die naturelletaal ingrypend verskil van die brief in Afrikaans of Engels.

Hierdie afdeling van die taalleerboek kan ook 'n aantal kort, letterkundige stukkies werk van hoë gehalte bevat, **uit die literatuur** van die taal geneem sowel as sulke sitate uit die Bybel soos Psalm 23, Psalm 121, Prediker 12, die Onse Vader, Johannes 14, I Korinthiërs 13 en andere.

Die derde onderafdeling moet genoeg voorbeelde van alledaagse gesegdes uit die gewone lewe sowel as 'n aantal bekende idiomatiese uitdrukkings bevat. Dit kan in sinne of as losstaande items behandel word, met 'n behoorlike verduideliking van die gebruik daarvan. 'n Klompie maklike spreekwoorde met hulle betekenis kan ook hier ingevoeg word.

Die laaste onderafdeling van deel I is 'n woordelys wat al die woorde bevat wat die student geleer het, sowel as 'n groot aantal ander. Die woordelys moet in Sotho-Afrikaans en Afrikaans-Sotho wees.

(c) Die inhoud van deel II.

Die inhoud van die tweede en mees gevorderde deel van die leerboek kan soos volg ingedeel word:

- (i) grammatika met vertalings,
- (ii) idiomatiese uitdrukkings,
- (iii) opstelle en briewe en
- (iv) woordelys.

Aangaande die grammatika sal dit hier duidelik wees dat hierdie leerboek heelwat sal verskil van die eerste deel in voorkoms en aanbieding van die leerstof. Die werk wat aangebied word, sal ook meer ingewikkeld en gevorderd wees.

In hierdie afdeling kan die moeiliker taalverskynsels met voorbeelde behandel word, soos onder andere: die byvoeglike konstruksie in sy verskillende vorme; die moeiliker tye en hulle ontkenningvorme; die werkwoord in verskeie vorme; afleidings van die werkwoord: relatiewe agtervoegsel, kousatief, potensiale agtervoegsel, wederkerig, inversief, statief, intensief en andere; die omskrywing met werkwoorde; die onpersoonlike konstruksie; verdubbeling; saamgestelde negatiewe; die hulpwerkwoord; die ideofoon en talle meer. Dit moet, om kort te gaan, deeglik en grondig ingaan op gevorderde buigingsleer en sintaksis.

Hier kan ook selfs die reël verklaar word waaronder sekere veranderings in woorde of klinkers plaasvind, aangesien die student reeds met 'n gevorderde studie van die taal besig is.

Die boek sal nie noodwendig in lesse verdeel hoef te word nie maar veeleer in hoofstukke wat alle aspekte van die verskynsel onder bespreking sal dek. Genoegsame voorbeelde ter illustrasie van die uiteensettings moet verskaf word.

Geskikte oefenings in die vorm van vertaal- en ander taalwerk moet aan die einde van elke hoofstuk gegee word. Sulke oefenings moet tred hou met die vordering van die student.

Die tweede afdeling van deel II moet ook rekening hou met meer ingewikkelde idiomatiese uitdrukkings en die alledaagse gebruik van die taal. 'n Groot verskeidenheid van hierdie verskynsels sowel as voldoende oefenings moet verstrekkend word. Spreekwoorde moet ook hier 'n plek vind, veral dié wat algemeen aangetref word. Waar moontlik moet die Afrikaanse ekwivalent van die spreekwoord verstrekkend word.

/ Die afdeling ...

Die afdeling oor die brief en opstel is ook hier meer gevorderd as dieselfde afdeling in deel I. Hier sal langer leesstukke, aanhalings uit die literatuur en ingewikkelde beskrywings moet verskyn. Dié stukke sal ook as goeie vertaal oefening kan dien.

Voorbeelde van gevorderde briefvorme kan ook verstrekkend word. Vertalings van die leesstukke en briewe sal daartoe bydra om selfwerkzaamheid aan te moedig, aangesien die student sy eie werk sal kan kontroleer.

Ten slotte moet daar 'n geskikte woordelys in en uit die taal wees, wat deur die student by sy vertaalwerk gebruik kan word. Die woordelys moet soveel woorde bevat as wat prakties moontlik is en moet aansluit by die woordelys in deel I van die leerboek.

Indien moontlik moet elkeen van die twee dele van die leerboek vorige eksamen vraestelle bevat as voorbeeld van wat by 'n eksamen verwag word.

3. Beskouing.

Uit wat vooraafgegaan het, moet afgelei word dat die aanleer van 'n Bantoetaal uit 'n geheel en al ander oogpunt benader moet word as dié waaraan die blanke tot dusver gewoond was.

Die hele opset is anders, en uit die aard daarvan moet 'n taalleerboek in Noord-Sotho dan ook heelwat verskil van 'n leerboek in 'n Europese taal.

Uitgaande van die stelling dat die naamwoordklas en sy alliteratiewe skakelstelsel aan die Bantoetaal ten grondslag lê, moet die opsteller van 'n leerboek in hierdie taal sy probleem vanuit 'n ander gesigspunt benader as sy kollega van die Europese taal.

Die feit dat daar aanbeveel word dat naasteby die eerste helfte van deel I van die voorgestelde leerboek aan

/ een ...

een naamwoordklas gewy moet word, moet aanvaar word as 'n bewys van die belangrikheid en noodsaaklikheid van 'n deeglike en grondige kennis van die werking van die alliteratiewe skakelstelsel van die selfstandige naamwoord.

Gesien dan in die raamwerk waarin die selfstandige naamwoord so 'n allerbelangrike rol vervul, is die opstel van die leerboek op hierdie grondslag heeltemal iets nuuts, iets geheel anders as die rigting wat tot dusver gevolg is deur die samestellers van leerboeke op hierdie gebied.

Voortvloeiende uit wat hierbo beweer word, moet dit duidelik wees dat so 'n leerboek nogtans moet voldoen aan die vereistes wat neergelê word ten aansien van die taalkunde, die leerplanne en die eksamenvraestelle. Derhalwe is daar in die paragrawe wat voorafgegaan het, getrag om tred te hou met elkeen van hierdie vereistes, en om dié rede verskil die leerboek in 'n aansienlike mate van dergelike boeke oor dieselfde onderwerp.

By die verbreding van die studie wat gedek word deur deel II van die leerboek, word rekening gehou met die hoër peil wat verwag word aan die einde van hierdie studietydperk. In die proses van aanbieding word alle aspekte van die formele grammatika van die Bantoetaal gedek deur eers die leerstof in maklik assimileerbare lesse met die mo - ba-klas selfstandige naamwoord as kern aan te bied en later, wanneer die grondslag gelê is, die meer ingewikkelde taalprosesse in afgeronde hoofstukke.

Die leerboek in die inheemse derde taal moet 'n boek wees wat 'n ryke verskeidenheid van voorbeelde en oefeninge aanbied by die studie van die Bantoetaalverskynsels, 'n studie wat gegrondves is op die naamwoordklasse en hulle skakelstelsels, waarby 'n geleidelike toevoeging geskied

/ van ...

van die ander grammatika.

Alleen wanneer die taalleerboek ten volle voldoen aan die verskillende vereistes soos hierbo uiteengesit, en slegs wanneer dit saamgestel is soos in die tweede paragraaf hierbo beskrywe, kan daar gehoop word dat dit met meer vrug in enige klas in die middelbare skool gebruik sal kan word.

o-O-o

H O O F S T U K V I I

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN IMPLIKASIES.

1. Samevatting.

Gedurende die vier-en-veertig jaar van die bestaan van die middelbare skool in Transvaal het dit 'n geleidelike ontwikkeling getoon. Die middelbare skool is stelselmatig van 'n klein begin uitgebou tot die indrukwekkende gestalte wat dit op die huidige tydstip kenmerk.

Die groei was nie net ten opsigte van groot inskrywings nie, maar meer belangrik was die uitbreiding van die skoolleerplanne, die verbreding van die kursus tot 'n veelomvattende kurrikulum, wat hom aangepas het by die veranderende omstandighede en wat ruimskoots voorsiening kan maak vir die veelsydige belangstelling van die moderne leerling van die middelbare skool.

Een van die mees veelseggende ontwikkelings in die leerplanne van die Transvaalse middelbare skool was die sterk vraag na vreemde tale, wat gehandhaaf gebly het sedert die vroegste jare van die bestaan van hierdie tipe skool.

Met verloop van tyd is belangrike toevoegings tot die lys van vakke wat die middelbare skool kon aanbied, gedoen. Daar is vandag nie minder nie as ses vreemde tale in die kurrikulum van die middelbare skool in Transvaal.

Die jongste toevoeging tot hierdie indrukwekkende versameling van vreemde tale in die hoërskole van die provinsie is 'n moderne, inheemse vreemde taal. Die invoering van 'n inheemse vreemde taal as derde taal in middelbare skole is op sigself alreeds 'n verdere mylpaal in die merkwaardige ontwikkeling van hierdie soort skool.

Die invoering van hierdie inheemse derde taal is

/ moontlik ...

moontlik gemaak deur 'n aanbeveling van die Provinsiale Onderwyskommissie van 1937, wat op aandrang van verskillende getuies besluit het dat die oorweging vir die invoering van 'n naturelletaal in die leerplan van die hoërskool van soveel aktuele belang was, dat dit aan die betrokke onderwysowerhede voorgelê kon word vir ernstige oorweging.

Nadat die Onderwyskommissie se verslag in 1939 die lig gesien het, het die Transvaalse Provinsiale Onderwysowerheid in 1940 oorgegaan tot die invoering van 'n naturelletaal in die leerplan van dié skole wat voorsiening gemaak het vir middelbare onderwys.

Aanvanklik is daar nie spesifiek bepaal dat Noord-Sotho die naturelletaal was wat vir Transvaal geskik sou wees nie. Die keuse is aan skole gelaat, en uit die staanspoor was daar inrigtings wat óf Noord-Sotho (Sepedi) óf Wes-Sotho (Setswana) as vak ingevoer het.

In 1945, pas ses jaar nadat die verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie gepubliseer is, word Noord-Sotho aanbeveel as 'n moderne taal vir die kurrikulum van die Transvaalse middelbare skool.

Daar was 'n populêre vraag na kennis van 'n naturelletaal wat deurgewerk het tot die skole van die provinsie. Die invoering van die taal het allerweë byval gevind, en dit was 'n nuwe klank in die onderwys van Transvaal, 'n nuwe rigting wat pragtig uitgebou sou kon word en wat veel goeds vir die toekoms ingehou het, veral ten opsigte van die verhouding tussen blank en swart.

Met die verskyning van die eerste gedetailleerde leerplan vir die onderwys daarvan in die laer klasse van die hoërskool het Noord-Sotho sy beslag as leervak in ons middelbare skole gekry. Op hierdie leerplan sou daar

/ voortgebou ...

voortgebou kon word om 'n hegte grondslag te lê vir die vak ook tot matrikulasiestandaard.

Die reaksie wat gevolg het op die invoering van 'n naturelletaal as skoolvak, was aanvanklik baie belowend. Verskillende skole het te kenne gegee dat hulle graag die vak wou invoer en het dadelik reëlins getref vir die onderrig daarvan.

Hierdie oplewing was ongelukkig van korte duur, want 'n periode van insinking het ingetree, en die Onderwysdepartement moes gedurende die loop van 1945 'n verdere oproep doen dat die hoërskole die onderrig van 'n naturelletaal moes propageer. In 'n rondskrywe aan alle middelbare skole is die belangrikheid van die kennis van 'n Bantoetaal sterk benadruk.

Die Onderwysdepartement was op hierdie tydstip duidelik bewus van die Achilleshiel van die nuutste toevoeging tot die skoolleerplanne: die geweldige agterstand wat die onderrig in Noord-Sotho ervaar het as gevolg van 'n leerkragtekort.

Dit moet nie uit die oog verloor word dat daar voorheen geen doelbewuste poging aangewend is om daadwerklik in hierdie saak op te tree nie. Die skole het slegs gebruik gemaak van die enkele leerkragte tot hulle beskikking wat toevallig die taal magtig was en die nodige kwalifikasies besit het.

In die rondskrywe van 1945 het die Onderwysdepartement ook navraag gedoen omtrent die beskikbare leerkragte. Daar is ook gewys op die klein begin wat gemaak is, en op die bestaande tekort aan bevoegde onderwysers om die vak te doseer. Volgens hierdie omsendbrief werk dit ontmoedigend op studente wat hulle op hierdie vak wil toelê, as die aantal skole wat 'n naturelletaal as skoolvak het, so min is. Pogings moes aangewend word om hierdie bose kringloop te beëindig.

Nadat met die omskrywe van 1945 weer 'n opname gemaak is van die skole wat begierig was om 'n naturelletaal in te voer indien die leerkragte beskikbaar sou wees, berig die Onderwysdepartement in 1951 dat die posisie betreffende geskikte onderwysers verbeter het. Die leerkragtekort vir die onderrig in Noord-Sotho het dus skynbaar binne ses jaar wesenlik van die toneel verdwyn.

Tog is die posisie aan die einde van 1951 nog dat daar slegs twee middelbare skole is wat aan leerlinge tot en met matrikulasie onderrig in Noord-Sotho verskaf. Hoewel die getalle maar klein is, lewer Noord-Sotho tog sy jaarlikse kwota studente by die eindeksamen van die middelbare skool. Die Bantoetaal het dus gekom om te bly in die kurrikulum van die Transvaalse hoërskole.

Daar moet ook nie uit die oog verloor word dat die leerkragtekort nie die enigste stremmende faktor was in die invoering en ontwikkeling van die naturelletaal tot volwaardige vak in die middelbare onderwysrigtings van die provinsie nie. Ander faktore het by die invoering van die vak op die voorgrond getree. Sekere hoofde was teensinnig om die skoolleerplan nog verder te oorlaai met 'n nuwe vak, wat boonop nog 'n vreemde taal is.

Die naturelletaal self, wat in wese heeltemal van die Europese taal verskil, was 'n ander struikelblok in die weg van sy ontwikkeling as skoolvak.

Die feit dat Noord-Sotho as skryftaal ook maar nog onlangs tot sy reg gekom het en sy literatuur derhalwe van geringe omvang is, moet as gevolg hê dat, veral taalleerboeke, en met name dié wat bedoel is vir gebruik deur blankes wat die taal wil aanleer, baie swak verteenwoordig is.

Sedert die jaar 1920, toe Beyer se leerboek die lig gesien het, tot 1951, een-en-dertig jaar later, was die

/ totale ...

totale oes aan taalleerboeke wat geskik is vir gebruik deur blankes, net vier. Hierdie boeke het op verskillende tye verskyn, wat die indruk bevestig dat daar 'n behoefte aan kennis van Noord-Sotho by die Transvaalse blanke bestaan het.

Die oorspronklike boekie, dié van Beyer, het nog Engels as medium gehad. Dit is ook die enigste van die vier leerboeke wat nie in Afrikaans geskrywe is nie. Die ander drie laat dan die gedagte posvat dat veral die Afrikaanse kind, die kind van die Transvaalse platteland, die behoefte voel tot kennis van die naturelletaal. Dit is dan ook die plattelandse skole wat die eerste tot die onderrig van Noord-Sotho en Setšwana oorgegaan het.

Met die invoering van Noord-Sotho as skoolvak was daar 'n onmiddellike vraag na taalleerboeke wat in die skole gebruik kon word. Die modernste boek destyds op die mark was die leerboekie van Endemann, wat in 1939, kort voor die invoering van die naturelletaal as skoolvak, verskyn het. Dit was die mees algemeen gebruikte leerboek totdat dit by die hersiening van die ortografie in 1947 verouderd geraak het.

By die ontleding van die verskeie taalleerboekies tot die beskikking van die blanke student is daar bevind dat sommige van hulle om verskillende redes nie aan te bevele was vir die studie van Noord-Sotho in Transvaalse hoërskole nie.

Aangesien die studie van enige vreemde taal 'n gespesialiseerde onderwerp is, kan en mag net die beste in alle opsigte aan die student voorgesit word.

Die boekie van Beyer was in die eerste plek in 'n verouderde skryfwyse opgestel, en in die tweede plek was die medium Engels, wat nie die voertaal van die groot meerderheid van ons plattelandse skole was nie. Boonop

/ was ...

was dit teen hierdie tyd uit druk.

Franz se boekie was wel in Afrikaans geskrywe, maar die taal is baie skematies en elementêr behandel. Die leerstof is nie wetenskaplik uiteengesit nie, en dit bevat 'n groot hoeveelheid verduidelikings wat die student kan verwar, hoewel daar pragtige voorbeelde en oefeninge in is.

Die leerboek van Endemann is om verskillende redes 'n goeie handboek en pas makliker by die behoeftes van die leerling aan as die boekie van Franz. Dit bevat uitstekende voorbeelde, maar met die wysiging van die skryfwyse moet dit tydelik as verouderd beskou word.

In 1949 het die leerboek van Ziervogel die lig gesien as die mees wetenskaplike **taalleerboek** in Noord-Sotho. By 'n ontleding en toetsing van hierdie boek aan die verskillende vereistes wat gestel word deur die taalwetenskap, die leerplanne en die eksamens, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat, hoewel die leerboek vir die beginner taamlik moeilik voorkom, dit beter aanpas by die behoeftes van die hoër klasse van die middelbare skool. Benewens die feit dat dit in die jongste ortografie geskryf is, geskied die aanbieding van die leerstof deur die medium van Afrikaans. Al hierdie punte in ag geneem, is dit op hierdie tydstip die beste taalleerboek vir Noord-Sotho in ons skole, afgesien van die gebreke wat dit mag hê.

Dit is dan teen 'n agtergrond soos hierdie dat daar by 'n terugblik oor die probleme wat in die voorafgaande hoofstukke bestudeer is, tot die formulering van 'n eie teorie gekom is oor die ideale taalleerboek in Noord-Sotho.

Kennis van die Bantoetaal, in die onderhawige geval Noord-Sotho, is die kernpunt waarom die hele teorie

/ van h ...

van h eie taalleerboek geweef is. Sonder kennis van die elementêre vereistes by die aanleer van die naturelletaal moet die studie noodwendig moeilikhede oplewer. Om dié rede dan is die teorie geskoei op die eenvoudigste metode by die aanleer van die naturelletaal: die onvoorwaardelike aanvaarding van die stelling dat die kennis van die naamwoordklas en sy skakelstelsel die uitgangspunt van die hele studie is en dat dit aan die ganse bou van die Bantoetaal ten grondslag lê.

In ooreenstemming hiermee moet die taalleerboek verder verband hou met die onverbiddelike eise van die taalwetenskap, die skoolleerplanne en die eksamenvraestelle. Aan hierdie eise probeer die gestelde teorie voldoen op h wyse wat ook vir die student aanneemlik moet wees.

By die uiteensetting van die teorie is aangedring op die samestelling van h leerboek in twee afsonderlike dele, wat elk die besondere behoeftes van die student in bepaalde ontwikkelingstadia moet dek. Hier is getrag om die gaping te oorbrug tussen aanvangsonderrig in die taal en die vereistes van h meer gevorderde studie.

2. Gevolgtrekkings.

Sedert sy stigting het die middelbare skool in Transvaal h fenomenale groei belewe, h groei wat gekenmerk is deur h lewenskragtige innerlike strewe tot die aanvulling van sy leerplanne met h verskeidenheid van vakke. Hierdie vooruitgang moes onvermydelik daarop uitloop dat verskeie vreemde tale h plek in die veelsydige kurrikulum van die middelbare skool gevind het.

In h land met so h veelrassige samestelling soos Suid-Afrika sou dit eienaardig voorgekom het indien daar nie in minstens die leerplanne van ons hoërskole voorsiening gemaak is vir die doseer van h inheemse taal as derde taal nie. Dit is dan ook besonder gepas dat die kurrikulum tans h naturelletaal insluit, h taal wat gebruik word deur die

groot meerderheid persone in Transvaal en deur duisende ook buite sy grense verstaan word.

Met die insluiting van Noord-Sotho, die jongste taal in Transvaalse skole, het die middelbare skool ten aansien van sy leerplanne 'n rigting aangedurf wat betalende dividende in 'n tans onsekere toekoms mag afwerp. Die Transvaalse Provinsiale Onderwysowerheid het hom nie alleen bereid verklaar om 'n naturelletaal die plek in die middelbare skool te gee wat dit uit hoofde van sy belangrikheid verdien nie, maar ook daadwerklik opgetree om dit as taal in ons leerplanne te vestig. Die goedgesindheid en vërsiendheid van die Onderwysowerheid teenoor hierdie nuwe rigting, soos geopenbaar in sy optrede tot op die huidige tydstip, kan nie anders as om selfs in die nabye toekoms verligting te bring in die gespanne verhouding tussen witman en naturel nie.

Dat die onderrig in hierdie taal nie groter ondersteuning geniet as wat tans die geval is nie, moet gewyt word aan 'n aaneenskakeling van remmende faktore waaroor daar geen beheer uitgeoefen kon word nie. Die aantal kandidate wat Noord-Sotho vir die eindeksamen aflê, is gering in vergelyking met die aantal wat in ander moderne tale eksamen doen.

Teenoor hierdie teleurstellende toestand van sake ten opsigte van die aantal kandidate wat Noord-Sotho lewer, staan sy onbetwisbare nut vir iedere blanke kind in die provinsie. Hoewel die taal vir menige blanke seker nie heeltemal vreemd aandoen nie, skyn dit tog asof leerlinge deur die buitengewone kenmerke sowel as die duidelike verskil daarvan van Europese tale afgeskrik word om hulle studie daarvan tot die peil van matrikulasie te voer.

Die onmiddellike oorsake van so 'n toestand moet teruggevoer word tot die aanvanklike en tans nog grootliks heersende tekort aan geskikte leerkragte, persone wat in

/ staat ...

staat moet wees om Noord-Sotho te laat lewe en dit vir die blanke student, vir wie die taal vreemd is, op inspirerende en interessante wyse aan te bied.

Samehangend met die leerkragsbeilikeid moet die gebrek aan geskikte taalleerboeke vir Noord-Sotho gesien word. Aangesien die literatuur van die taal ook maar van resente oorsprong is, moet ons so 'n toestand in die onderhawige geval te wagte wees, veral waar 'n jong naturelleskryftaal as skoolvak vir 'n vreemde groep, in hierdie geval die blanke, ingevoer word.

Onder hierdie omstandighede sou mens verwag dat selfs die taalleerboeke wat vir naturelle bedoel is, nouliks 'n wye keuse sou toelaat; en daarom is dit nie vreemd om slegs drie taalleerboeke in Noord-Sotho, vir andertaliges bedoel, aan te tref op die tydstip toe die naturelletaal as skoolvak sy verskyning in Transvaalse middelbare skole vir blankes gemaak het nie.

Hoewel die taalleerboek van Endemann vir 'n aantal jare die deur studente mees gebruikte was en trouens ook die geskikste vir hierdie doel, het dit algaande in onbruik geraak as gevolg van die gewysigde ortografie. Daar moes 'n leerboek gevind word wat voldoen aan die elementêrste en dringendste vereistes van die vak.

In hierdie lig moet die verskyning van die leerboek van Ziervogel gesien word. Dit het die bekende terrein op 'n eie, oorspronklike wyse gedek, en met die publikasie daarvan is die student 'n leerboek ter hand gestel wat hy sonder voorbehoud kon aanvaar as die geskikste boek op hierdie terrein, 'n leerboek wat minstens in die nuwe skryfwyse saamgestel is.

Nieteenstaande die feit dat hierdie leerboek 'n nuwer, moderner aansig aan die onderrig van Noord-Sotho gegee het en dit ongetwyfeld 'n breë studieveld dek, vervul dit nog

/ nie ...

nie die belofte wat die uitgawe daarvan klaarblyklik ingehou het nie.

By 'n diepgaande ontleding en toetsing daarvan aan verskeie vereistes moes dit tog blyk, dat, hoewel die leerboek die geskikste van sy soort is, dit te gevorderd aandoen vir die aanvangsklasse van die middelbare skool.

Wanneer al hierdie faktore dan saamgevat word en wanneer stilgestaan word by die toestand waarin die onderrig van Noord-Sotho op die huidige tydstip verkeer, kom ons tot die slotsom dat die werklike leerboek, wat geskik sal wees vir sowel die laer as die hoër klasse van die middelbare skool en wat as aansporing moet dien om werk van hoër gehalte te lewer, nog gevind moet word.

In hierdie ideale leerboek lê opgesluit die oplossing van die probleem soos hy tans bestaan.

By die formulering van 'n eie teorie oor leerboek-samestelling in 'n derde, inheemse vreemde taal is in gedagte gehou die tekortkominge waarvan hierbo gewag gemaak is, en daar is getrag om die voorgestelde leerboek te laat voldoen aan die verskeie vereistes wat daar gestel word en wat so 'n uiters belangrike rol speel in die samestelling van die geskikte taalleerboek.

Die teorie staan in die teken van die behoeftes van die leerling van die middelbare skool vir wie die taal heeltemal iets nuuts is, vir wie die taalleerboek as 'n spoorslag moet dien om die taalstudie op dié wyse aan te pak wat vir hom die beste resultate sal afwerp.

In opset is die teorie eenvoudig en vir die student aanneemlik. In omvang en implikasie is dit nie alleen nuut nie maar ook revolusionêr. Die teorie wil die onderrig van Noord-Sotho vergemaklik en die Bantoetaal binne die belangesfeer van die blanke bring.

3. Implikasies.

By 'n beskouing van die samevatting en gevolgtrekkings wat voorafgegaan het, word daar gekom tot sekere bevindinge en kan daar verskeie suggesties aan die hand gedoen word ter oplossing van dié aspekte van die probleem wat van aktuele belang is. Hierdie suggesties kan bestempel word as van tweërlei aard: algemeen en besonder. Die algemene implikasies staan in verband met die huidige toestand van die onderrig in Noord-Sotho in Transvaalse middelbare skole, terwyl die besondere aspekte verwys na 'n geskikte leerboek in hierdie vak.

(a) Algemeen.

Die eerste en mins belangrike gesigspunt van die probleem is die bevordering van die onderrig van Noord-Sotho as 'n skoolvak in die hoërskole van die provinsie. Uit wat voorafgegaan het, het geblyk dat slegs op geringe vooruitgang in die afgelope jare geroem kan word.

Indien Noord-Sotho as volwaardige vak in die leer-gange van die provinsiale middelbare skole van Transvaal erkenning moet verkry, sal daar van owerheidsweë veel meer reklame en aanmoediging nodig wees om die belangstelling van van sowel skoolowerheid as leerling te verseker.

Daar sal verder geen sin in steek en dit sal geen goeie doel dien om die belangstelling te kweek terwyl daar nie die leerkragte gevind kan word om die vak op die regte wyse te onderrig nie.

Allereers sal daar 'n deeglike opname gemaak moet word van die beskikbare leerkragte in hierdie vak. Blyk dit uit die resultaat van hierdie opname dat daar nie voldoende sodanige onderwysers is om minstens een hoërskool uit drie te voorsien nie, sal daar 'n verdere veldtog op tou gesit moet word om meer leerkragte te trek wat gewillig en bekwaam

/ sal

sal wees om onderrig in die onderwys van Noord-Sotho te ontvang. Hierdie persone moet individue wees wat in staat sal wees om h liefde by die blanke vir die taal aan te kweek.

Die uitbreiding van die studie van naturelletale word aan die hand gedoen omdat, in ons land, met sy reusenaturellebevolking, so h stap niks anders as die goedgesindheid van die Bantoe kan uitlok nie. Dit word aanbeveel dat die aanleer van die naturelletaal op h intensiewe skaal gedoen moet word, omdat dit in die landsbelang is. So h stap word sonder ernstige struikelblokke in die vooruitsig gestel, aangesien hierdie probleem reeds die ernstige aandag geniet van ons onderwysowerhede.

Afgesien van die noodsaaklikheid om die naturelletaal as middel te gebruik om goedgesindheid tussen die rasse te stig is daar nog die utiliteitswaarde van die studie ten opsigte van die alledaagse behoeftes van die deursnee-blanke.

Om hierdie aspek van die probleem binne afsienbare tyd tot oplossing te bring, word aan die hand gedoen dat die belangstelling en samewerking van ouers en middelbare skoolhoofde in hierdie uiters belangrike saak verkry word.

Die deurslaggewende faktor tot h geslaagde oplossing van hierdie aspek van die vraagstuk is die aanbieding van h geskikte leerboek in die vak. Dit bring ons dan by die besondere aspek van hierdie ondersoek.

(b) Besonder.

Sonder h doeltreffende taalleerboek kan h vak nie die vooruitgang maak wat dit behoort te doen nie. Noord-Sotho is geen uitsondering op die reël nie. Die gebrek aan h goeie taalleerboek moet stremmend inwerk op onderwyser en leerling, en die onderrig van die taal moet noodwendig uiteindelik skade ly as gevolg van min belangstelling.

/ Die ...

Die bevinding van hierdie ondersoek was dat juis hierdie probleem ontstaan het by die onderrig van Noord-Sotho aan blankes in Transvaalse middelbare skole.

Om hierdie brandende vraagstuk die hoof te bied moet daar 'n afdoende antwoord gevind word. Die antwoord is 'n geskikte taalleerboek vir Noord-Sotho.

'n Gedeeltelike oplossing kan teweeggebring word deur die bestaande leerboeke te laat verbeter en aanvul.

Daar word aan die hand gedoen dat die finale oplossing veel dieper lê, naamlik by die opstel van 'n leerboek wat in sy hele opset daarop ingestel is om die vreemde inheemse derde taal by die blanke kind ingang te laat vind.

Die voorgestelde leerboek moet beide die vereistes van die Juniorsertifikaat- en die Middelbare Skool-sertifikaateksamens bevredig. So 'n leerboek sou baie lywig wees en daarom, vanuit die standpunt van die student gesien, onprakties.

Om hierdie moeilikheid te bowe te kom word aanbeveel dat daar 'n leerboek moet wees wat die leerstof sal dek vir elkeen van hierdie eksamens.

Die leerboek moet uitgaan van die standpunt dat die student geen kennis van die naturelletaal het nie, en die verskil tussen die Bantoetaal en die Europese taal moet sterk benadruk word.

Die deurlopende gedagte by die opstelling van so 'n leerboek moet wees dat daar steeds 'n toespitsing sal wees op die verskeie vereistes van die skoolleerplanne, die eksamens en die taalwetenskap.

Waar die voorgestelde taalleerboek sal bestaan uit twee dele, moet daar ten aansien van elke deel rekening gehou word met die wisselende behoeftes van die student.

/ Die ...

Die taalleerboek wat hierbo beskryf is, moet n ryke verskeidenheid van voorbeelde bevat oor al die taalverskynsels daarin behandel, en daarby moet ook talryke herhalingsoefeninge verstrekk word.

Veral die afdelings oor briewe, opstelle en idiomatiese uitdrukkings verdien besondere aandag, aangesien dit juis in hierdie opsig is dat die meeste taalleerboeke in Noord-Sotho te kort skiet.

Die leerboek moet geskryf wees in die moedertaal van die student, en dit mag nie taal- en spelfoute in enige van die twee tale bevat nie.

Die hele doel van die voorgestelde taalleerboek is om op n nuwe, maklike en revolusionêre metode in breë trekke n suiwer, praktiese en doeltreffende kennis van die taal vir die blanke student te verseker.

Ten slotte nog dié opmerking: besorg aan ons hoërskole n leerboek soos hierbo omskrywe, en Noord-Sotho sal een van die mees gesogte vakke word wat nog ooit in Transvaalse skole ingevoer is.

B I B L I O G R A F I E

- Beyer, G.: A Handbook of the Pedi-Transvaal Suto Language.
Morija Sesuto Book Depot, 1920.
- Bleek, W.H.J.: Comparative Grammar of the South African Languages, Part I. Trübner & Co., London, 1862.
- Bot, A.K.: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 1836-1936.
Staatsdrukker, Pretoria, 1936.
- Brusciotto, G.: Regulae quaedam pro difficillimi consensuum
idiomatis faciliori captu ad grammaticae
normam redactae. Romae, 1659.
- Coetzee, J.C.: a. Inleiding tot die Algemene Praktiese
Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery, Bpk.,
Stellenbosch, 1948.
b. Onderwys in Transvaal: 1838-1937.
Van Schaik, Pretoria, 1941.
- Cust, R.N.: A Sketch of the Modern Languages of Africa.
2 vols. Trübner & Co., London, 1883.
- Endemann, T.M.H.: Handleiding by die Aanleer van Transvaal-
Sotho (Sepedi). Van Schaik, Pretoria, 1939.
- Franz, G.H.: Thellenyane - n Handleiding van Noord-Sotho
vir beginners in Afrikaans. Afrikaanse Pers
Beperk, Pretoria, s.j.
- Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-
Afrikaanse Republiek, 1836-1900. Van Schaik,
Pretoria, 1925.
- Malherbe, E.G.: Education in South Africa, 1652-1922.
Juta & Co., Cape Town, 1925.
- Meinhof, C.: a. Grundriss einer Lautlehre der Bantusprachen.
Dietrich Reimer & Ernst Vohsen, Berlin, 1910.
b. Grundzüge einer Vergleichenden Grammatik der
Bantusprachen. Dietrich Reimer & Ernst Vohsen,
Berlin, 1906.
- Torrend, S.J.: A Comparative Grammar of the South African
Bantu Languages. Kegan Paul, Trench, Trübner
& Co., London, 1891.
- Transvaalse Kolonie: a. Ordonnansies en Statute, 1902-1910,
Wet No. 25 van 1907, Artikel 23,
Subseksie I.
b. Jaarverslag van die Transvaalse
Direkteur van Onderwys, 1906-1907.
c. Bepalingen en Leergangen, 1909.
- Transvaalse Provinsie: a. Jaarverslae van die Transvaalse
Direkteur van Onderwys, 1910-1939.
b. Verslag van die Provinsiale Onderwys-
kommissie (1937), T.P. 5, 1939.
c. Departementele Omsendbrief no. 13
van 1940, E. 46/9/1.
d. Departementele Omsendbrief, Deel VI,
no. 4, Junie 1940.

- e. Departementele Omsendbrief no. 21 van 1945, E. 29/15.
- f. Departementele Omsendbrief no. 9 van 1951, 23/1/51.
- g. Handboek van Leerplanne vir die Middelbare Skool.
- h. Eksamen vraestelle in Noord-Sotho, std. VIII, 1940-1951.
- i. Eksamen vraestelle in Noord-Sotho, std. X, 1943-1951.

Werner, A.: a. Introductory Sketch of the Bantu Languages. Kegan Paul, Trench, Trübner & Co., Ltd., London, 1919. (Ook bekend as The Bantu Languages).

- b. Language Families of Africa. Kegan Paul, Trench, Trübner & Co., Ltd., London, s.a.

Ziervogel, D.: Noord-Sotho Leerboek. Van Schaik, Pretoria, 1949.